

## WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:  
Die Reformatoriese Beweging van  
Suider-Afrika in samewerking met die  
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte /  
The Reformational Movement of  
Southern Africa in coordination with the  
Bureau for Scholarly Journals

●  
**LENTE-UITGAWE – 2009**

**SPRING EDITION – 2009**

**Vol. 49 no. 409**

●  
REDAKTEUR /  
EDITOR

Marlies Taljard

●  
ARTIKELREDAKTEURS /  
FEATURE EDITORS

Bennie van der Walt, Michael Heyns,  
Willemien du Plessis, Nico Vorster,  
Leentje de Lange, Esmé van Rensburg,  
Jan Swanepoel, Marlies Taljard

●  
MEDEWERKENDE REDAKTEURS /  
CONTRIBUTING EDITORS

Lourens du Plessis, Nic Olivier,  
Attie van Niekerk, Johan Snyman,  
Allan Munro, Amie van Wyk

●  
BUROBESTUURDER &  
TEKSVERSORGING /

BUREAU MANAGER & TEXT EDITING:  
Susan Lourens

FORMATERING / FORMATTING:  
Santie Lourens

Bertha Oberholzer

FINANSIES & ADMINISTRASIE /  
FINANCE & ADMINISTRATION:

Erika Otto

●  
Redaksionele stukke en  
korrespondensie /

Editorial articles and correspondence:

**Woord en Daad / Word and Action**

Privaatsak / Private Bag X6001

POTCHEFSTROOM 2520

RSA

●  
Tel. (018) 299-4081

Faks/Fax 086 564 7983

E-pos / E-mail:

Susan.Lourens@nwu.ac.za

●  
FUNKSIONARISSE / OFFICIALS

Jan Swanepoel

(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)

Amie van Wyk

(Visevoorsitter / Vice chairman

REBSA / REMSA)

●  
INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:

RSA R80 Ander / Other \$45

●  
Gedruk deur / Printed by

**IVYLINE Technologies,**

Potchefstroom

VOORBLAD – Erika Otto

BWT



## INHOUD

### HOOFARTIKEL

- 1 Woord en daad  
**Marlies Taljard**

### PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

- 3 Natuurwetenskappe vanuit 'n Christelike perspektief  
**P.H. Stoker**
- 7 Die dilemma van die moderne Christenbioloog  
**J.N. Eloff**

### MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

- 14 Kontemporêre Suid-Afrikaanse politiek – waterskeiding en  
vensterperiode (op pad na 2014)  
**A. Duvenhage**
- 22 Die werklike oorsaak van die ekonomiese krisis  
**A. Heymans**
- 26 Bewustheid: in die belang van die mens, die planeet en die  
geslag van môre  
**E. Tempelhoff**
- 29 Fisieke aktiwiteit, gesondheid en welstand – is 'n  
paradigmaskuif nodig?  
**G.L. Strydom**
- 34 Die implikasie van die GKSA se 2009-sinodebesluit  
rakende die vrou in die regeeramp  
**A.L. Rheeder**

### RESENSIES

Resensies verskyn op p. 2, 21, 25, 36

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek, weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and not necessarily those of the Editorial Board.

## Woord en daad

**D**at daar die afgelope eeue 'n dualisme tussen die natuurwetenskappe en die teologie bestaan, is nie weg te redeneer nie. Elizabeth Newman, professor in Teologie en Etiek aan die Saint Mary's College in Notre Dame, Indiana, skryf in die Lente 1998-uitgawe van *Cross currents* dat die basis van dualisme tussen teologie en wetenskap in die Gnostiese aard van modernistiese en postmodernistiese mitologisering lê:

[T]he gnostic myths share certain beliefs in common: 'the fate of the divine spark present in humanity and its fall into a hostile world of shadows, where it forgets its true home, while unconsciously longing to return there; its wanderings and hopes, and eventual arrival of a Saviour who will reveal its true origin and thus enable it to regain consciousness of its essential alienation from the world of shadows.'

Hieruit speak 'n radikale dualisme tussen God en die wêreld en ook tussen die mens en die skepping – 'n wêreldbeeld wat aan die basis lê van die modernistiese objektivisme én die postmodernistiese relativisme waarin die self vervreem word van 'n basies negatiewe wêreld. Sowel die modernisme as die postmodernisme ontken dus die mens se verbondenheid aan 'n inherent goeie skepping.

Newman verskaf 'n interessante alternatiewe mite wat bogenoemde dualisme systap deur 'n epistemologie van die *logos* waarin skepping en verbond die hoofelemente is. God het die wêreld geskep deur die woord: "God's word, which creates the world, is simultaneously God's deed." Wanneer God spreek, het die woord geen referensiële waarde ten opsigte van enige eksterne realiteit nie, maar die woord is gelyk aan die daad. Die betekenis van die woord/daad lê dus nie in sy verwysing na 'n eksterne realiteit nie, maar in die getrouheid van Hom wat spreek. Hierdie getrouheid van God aan sy woord, sien ons ook in die wyse waarop Hy sy verbond met Abraham sluit – nie

deur by 'n eksterne entiteit te sweer nie, maar deur die uitkoms van die belofte van Homself – en dus van sy woord – afhanklik te maak. Binne 'n postmoderne raamwerk sou 'n mens kon beweer dat die wyse waarop ons weet en waarop ons identiteit skep, primêr afhanklik is van ons verbondenheid met ander deur hulle woorde en daade. In hierdie verband skryf Nicholas Lash: "Whether in physics or in politics, in psychology or prayer, to grow in knowledge is to grow through trust: trust given, trust betrayed, trust risked, misplaced, sustained, received and suffered." Geloof in die betroubaarheid van God lei tot die besef dat dieselfde mate van betroubaarheid wat God se beloftes dwarsdeur die Bybel kenmerk, ook ten opsigte van die skepping geld en dat dit wat God geskep het, fundamenteel goed is. Indien die mens hierdie alternatiewe mite as sy ordenende mite aanvaar, is daar dus geen rede meer om homself aan die wêreld te onttrek nie. Newman skryf:

In both theology and science alike, an understanding of the self as covenantal, of words as deeds, and of knowledge as involving acts of trust, provides a way beyond the dualisms that have haunted the modern and postmodern landscape ... a story in which the goodness of the world is affirmed, and therefore found trustworthy.

Teen hierdie agtergrond staan prof. Kobus Eloff en prof. Pieter Stoker se artikels oor die verhouding tussen kerk, wetenskap en samelewing. In 2008 het die Church of England 'n apologie aan Charles Darwin aangebied "for misunderstanding you and, by getting our first reaction wrong, encouraging others to misunderstand you still". In die lig van hierdie verklaring laat val Eloff in sy artikel "Die dilemma van die moderne Christenbioloog" 200 jaar na die geboorte van Darwin en 150 jaar na die publikasie van sy bekende *On the origin of species*, die lig op die evolusieteorie. Stoker besin in sy artikel "Natuurwetenskappe vanuit Christelike perspektief" oor die wyse waarop natuurwetenskappe in 'n

Christelike milieu onderrig behoort te word. G.S. Strydom se artikel oor die verhouding tussen fisieke aktiwiteit, gesondheid en welstand, sowel as Elise Tempelhoff se artikel oor bewustheid in belang van die mens en die omgewing belig eweneens die mens se ingesteldheid ten opsigte van God se skepping.

Verder is daar in hierdie uitgawe 'n insiggewende artikel van die politieke ontleder

André Duvenhage oor die kontemporêre Suid-Afrikaanse politiek, 'n kykie agter die skerms van die ekonomie waarin André Heymans probeer bepaal wat die werklike oorsake van die huidige ekonomiese krisis is en A.L. Rheeder se eerlike reaksie op die GKSA se besluit oor die vrou in die kerklike ampte.

**Marlies Taljard**  
(Uitgaweredakteur)

**Leroux-van der Boon, Marzanne. 2006. Hatikvah: land van hoop.**  
Wellington: LuxVerbi.BM. 345 p. Prys: R129,95. ISBN: 0 7963 0520 X.

**Resensent:** C.A. Lourens  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

*Hatikvah: land van hoop* is die tweede boek in die trilogie van Marzanne Leroux-van der Boon. In die eerste boek, *Granate bloei in Jerusalem*, ontmoet Marc en Rivkah mekaar in Jerusalem en trou uiteindelik. In hierdie boek word hulle verhaal verder vertel.

*Hatikvah: land van hoop* word, net soos *Granate bloei in Jerusalem*, in 'n duidelike historiese raamwerk geplaas. Die goed-nagevorsde historiese gebeure in die verhaal word duidelik weergegee in die koerantberigte, e-posartikels, nuusberigte en televisie-onderhoude. Die verhaal vind plaas in 'n onstuimige tyd in Israel waar die gebeure oorheers word deur die bloedige konflik met die Palestyne in die aanloop tot die onttrekking van Joodse setlaars uit Gaza.

Saam met Rivkah en Marc word die leser aangegryp deur die pyn en lyding van die Jode en in besonder die lot van onskuldige kinders. Rivkah se swangerskap te midde van hierdie geweld en haar werk by die Israelse Rooikruis, MADA, ontlok dadelik die vraag of die land veilig is vir kinders en dan in die besonder, hierdie kindjie wat sy verwag. Wanneer Rivkah 'n miskraam het, word die leser meegesleur deur die emosies van Rivkah en Marc, en 'n mens wonder of dit nie dalk beter so is nie, aangesien die land tog nie veilig is nie. Rivkah wonder onmiddellik of die miskraam nie God se straf is omdat hulle Jesus as Messias aangeneem het nie. Marc moet dan met haar en sy eie pyn saamleef en haar weer daarvan oortuig dat Jesus wél die Messias is en dat Hy hulle nooit sal straf met 'n miskraam nie.

Vir die leser wat meer oor die ontstaan van die Joodse volk en al die godsdienstige gebruike en feeste van die Jode wil weet, is die reis saam met Marc baie insiggewend. Die verskillende Joodse feeste en gebruike word in detail beskryf, en Marc leer ook by ander inwoners van Jerusalem meer oor die ontstaan van die volk. By die beskrywing van Joodse gebruike en feeste word die Joodse woorde en begrippe gebruik, wat aan die einde van die boek, in 'n woordelys, verklaar word.

Die konflik tussen die ortodokse Jode en die Messiaanse Jode kom ook duidelik in hierdie boek na vore. Rivkah se pa is 'n Ortodokse rabbi en daar word klem gelê op die verskille tussen die Ortodokse Jode en die Messiaanse Jode. Alhoewel Rivkah en Marc Messiaanse Jode is, lewe hulle tog Torah-getrou en word hulle daardeur ook deur haar ouers aanvaar.

Die verhaal eindig gelukkig nie donker nie. Saam met die geboorte van hulle seun, Y'hoshua, eindig die verhaal met 'n hoop vir die land, wat ook duidelik blyk uit die e-posartikel en koerantberigte wat ten slotte aangehaal word.

Hierdie boek laat die leser daarna uitsien om die vervolg van die lewens van Rivkah, Marc en Y'hoshua te lees, en ook met 'n verwondering oor die wonderlike genade van God tussen al die geweld wat mense beleef.

# Natuurwetenskappe vanuit 'n Christelike perspektief

Pieter H. Stoker (emiritus professor)  
Skool vir Fisika en Chemie, Potchefstroomkampus,  
Noordwes-Universiteit

**S**yllabusse van die tagtiger- en vroeg negentigerjare van die Transvaalse Onderwysdepartement het as 'n algemene doelstelling die volgende vir Natuur- en Skeikunde gestel: “dat die leerling deur sy kennismaking met die wonder van die orde van die natuur bewus sal word van die grootsheid van die skepping en sodoende 'n eerbied en waardering vir die Skepper sal ontwikkel”. Vir Biologie is gestel: “'n respek vir alles deur die Skepper daargestel en 'n bewusmaking van die mens se verantwoordelikheid om lewe te bewaar, veral in die SA konteks”. Aardrykskunde word gesien as “'n studie wat poog om die mens as handelende persoon te midde van menslike en fisiese verwantskappe en interverwantskappe te verstaan”. In hierdie konteks word “die verwerping van morele waardes en emosionele (affektiewe) kenmerke” nagestreef sodat leerlinge “hulself in 'n veeleisende wêreld kan handhaaf”. In Wiskunde is 'n doelstelling “om die vermoë te ontwikkel om wiskundige taal te begryp, interpreteer, lees, praat en skryf” en “om waardering vir ... wiskunde en die wyer gebied van toepassings in ander vakke en die (werklike) leefwêreld te ontwikkel”.

Hierdie doelstellings het betrekking op die dieper dimensie van die mens se bestaan: sy geloof en uitlewing van innerlike oortuigings. Die doelstellings kan deur enigeen, of hy 'n selfverklaarde ateïs of 'n toegewyde Christen is, nagestreef word. Ook die ateïs het morele waardes en 'n geloof dat alles tot stand gekom het deur 'n skepper, 'n skeppingskrag wat deur natuurlike seleksie (Darwinistiese evolusie) en natuurwette vanaf 'n oerknal alles tot stand gebring het.

**Onderwysdoelstellings  
vir kurrikula  
het betrekking op  
die dieper dimensie  
van die mens se  
bestaan: sy geloof  
en uitlewing van  
innerlike oortuigings.**

## Geleidelike sekularisering van die onderwys

Dit word vandag algemeen erken dat die wêreld steeds meer en meer sekulariseer – ook die staatsonderwys. Die idee van sekularisasie is gegrond op die aanvaarding dat die mens se lewe uit twee dele bestaan: die “heilige” en die onverganklike, en die wêreldse of verbygaande. Sekularisasie is dus die proses waardeur die “heilige” deur die wêreldse oorheers en selfs “ingesluk” word. Die “heilige”, die godsdienstige deel van die lewe, word hierdeur al hoe minder en al meer beskou as 'n opsionele deel van die lewe, as 'n persoonlike en privaat aangeleentheid, waarvoor daar nie gepraat word nie.

## Reduksionisme in die wetenskap

René Descartes (1596-1650) was die eerste groot filosoof van die Renaissance wat die moderne wetenskapsdenke help vestig het. Hy gee in sy werk, *Discourse on the method for properly guiding the reason and finding truth in the sciences*

(1637), min inligting omtrent metodes in die wetenskap, behalwe die advies om niks as waar te aanvaar indien dit nie bewys is nie, en om 'n probleem in soveel moontlike klein stukkie op te deel, om dan ordelik vanaf die mees eenvoudige te dink en om die probleem uit soveel moontlike hoeke te beskou, sodat niks buite rekening gelaat word nie. Descartes het hiermee 'n metode geformuleer wat sedert die vernuwende denke van die Renaissance 'n sterk invloed op wetenskaplike denke tot vandag uitgeoefen het.

**Descartes het 'n metode geformuleer wat sedert die vernuwende denke van die Renaissance 'n sterk invloed op wetenskaplike denke tot vandag uitgeoefen het.**

Beskou byvoorbeeld 'n koei wat op 'n grasveld wei. Die twee, koei en grasveld, hoort bymekaar. Hulle vorm 'n konkrete geheel, onder andere 'n geheel in lewensiklusse: die koei het die gras nodig om te leef, maar die gras het die koei nodig om te bly groei deur bemesting en deur kort gehou te word. In die teoretiese benadering word die geheel vereenvoudig deur in hierdie voorbeeld die koei en gras in afsonderlike wetenskapdissiplines, dierkunde en plantkunde, te skei. Bodemkunde beskryf die medium waaruit die gras groei en vorm dikwels ook 'n afsonderlike dissipline. Dit beteken dat ons ons kennis oor die wyse waarvolgens die ervaringswêreld funksioneer, opbreek in afsonderlike teorieë en wette. Deur hierdie afsonderlike teorieë en wette verkry teoretiese kennis sy besondere krag waardeur ons kennis van ons ervaringswêreld orden. Kennisverkryging volgens hierdie metode was vrugbaar en het tot ons huidige vertegnologiseerde samelewing gelei.

Reduksionisme is van bo na onder gerig. Die geheel word afgebreek in sy dele, wat dan almal gesamentlik die eienskappe van die geheel bepaal. So word die eienskappe van 'n samelewing bepaal deur sy individue, 'n individu deur sy

organe, 'n orgaan deur selle, 'n sel deur biochemie, biochemie deur chemie, en chemie deur die beginsels van fisika.

### **Reduksionisme verwerp deur progressiewe selforganisasie**

Bogenoemde reduksionisme word vandag bevraagteken/verwerp. Stuart Kauffman keer byvoorbeeld in sy boek, *At home in the universe – the search for the laws of self-organization and complexity* (1995), die reduksionistiese gerigtheid om. As bioloog wil hy onder andere die totstandkoming van lewe uit nie-lewende organiese molekulêre teoretiese beskryf, asook die te voorskyn tree van al die bekende filums (bouplanne) van diere gedurende die Kambriese Tydperk, 550 miljoen jaar gelede. Om dit te kan doen, keer hy die reduksionistiese gerigtheid van die natuurwetenskappe om deur uit te gaan van progressiewe organisasie vanaf die grondkomponente soos organiese molekulêre tot lewende sel, en soos die eensellige en meersellige mikrolewe tot die makrolewe van die diereryk.

Progressiewe organisasie word oral in die biologie waargeneem, byvoorbeeld 'n embrio van 'n kuiken in 'n bevrugte eier wat stap vir stap progressief ontwikkel totdat die kuiken uit die eier uitkom. Hierdie ontwikkeling kan nie in die gewone meetkundige ruimte, waarin fisiese prosesse voorkom, beskryf word nie. Die biologiese ruimte is nie die ruimte waarin Fisika beweging en wisselwerking tussen materie en energie kan beskryf nie. Gebeurtenisse in die biologiese vind ook in ruimte en tyd plaas, maar nie in 'n fisiese ruimte met deeltjies in vaste strukture of in bane wat in onbepaalde tyd beweeg nie.

**Progressiewe organisasie word oral in die biologie waargeneem. Die biologiese ruimte is nie die ruimte waarin Fisika beweging en wisselwerking tussen materie en energie kan beskryf nie.**

As bioloog handhaaf Kauffman die wette van fisika in biologie, maar stel daarnaas 'n immer voortgaande skepping van kompleksiteit in die heelal, die biosfeer en menslike kulture. Volgens hom is hierdie skeppende vermoëns 'n inherente eienskap van die heelal, net soos 'n bevrugte eier die skeppende vermoë het om 'n kuiken te vorm.

In Kauffman se te voorskyn tredende heelal is reduksionisme nie verkeerd nie, maar onvolledig. Reduksionisme het nie antwoorde vir 'n magdom onopgeloste vraagstukke, soos die oorsprong van lewe, die biosfeer, bewustheid, evolusie, etiek en ekonomie nie. Hierdie skeppende proses van te voorskyn tree is volgens Kauffman "so stunning, so overwhelming, so worthy of awe, gratitude and respect, that it is God enough for many of us. God, a fully natural God, is the very creativity in the universe".

Na 30 jaar se navorsing het Kauffman tot die oortuiging gekom dat die heersende insig in Biologie onvolledig is. Volgens hom is natuurlike seleksie belangrik, maar is nie die enigste skeppende krag in die gedifferensieerde argitektuur van die biosfeer vanaf die sel tot organisme en tot ekosistels nie. 'n Ander kragbron is progressiewe selforganisasie, wat grondliggend vir die vorming van nuwe strukture is. Die prosesse in die biologiese wêreld is veel meer as die meganistiese proses wat deur natuurlike seleksie bepaal word. In die natuur moet ook wette van kompleksiteit (holistiese wette) wees vir selforganisasie.

**Volgens Kauffman het die reduksionistiese wetenskap van die Weste en die gevolglike voortkomende tegnologiese ontploffing 'n geestelike honger geskep.**

Volgens Kauffman het die reduksionistiese wetenskap van die Weste en die gevolglike voortkomende tegnologiese ontploffing 'n geestelike honger geskep. Sy verwagting is dat die nuwe wetenskap

van kompleksiteit die mens sal help om weereens sy plek in die heelal te vind. Dit bring ons by die volgende punt.

## **Die tydsgees vóór en ná Darwin**

Tot die vyftigerjare van die negentiende eeu het die wetenskap, asook die biologie, die metode van fisika soos deur Galileo en Newton in eksperiment en teorie gevestig is, nagevolg. Die meeste leidinggewende natuurwetenskaplikes was destyds nog Christene. Hulle geloof in God en hulle ontdekkings deur hulle wetenskaplike werk, het hand aan hand gegaan. Die uiteindelijke doel van hulle wetenskap was om tot eer van God dinge in sy Skepping te ondersoek en te ontdek en om Hom daarvoor te loof en te prys. Bekende natuurwetenskaplikes soos Kepler, Boyle en Newton het in en deur hulle werk God verheerlik. Van Kepler, die bekende Duitse sterrekundige, het die volgende gebed bewaar gebly:

Ek dank U, Skepper en Here, dat U my hierdie vreugde in U skepping, hierdie genot in die werke van U hande geskenk het. Ek het die heerlijkheid van U werke aan die mense bekend gemaak vir sover my eindige gees U oneindigheid kon verstaan. As ek iets gesê het, wat U onwaardig was of as ek eie eer mag gesoek het, vergeef my dit dan tog genadiglik.

Galileo het ook gesê: "Die werke van God se vinger – dit wil sê wat sy hande in die skepping gemaak het – en die werke van God se mond – dit wil sê wat God in sy Woord geopenbaar het – kan mekaar nie teenspreek nie."

**Die uiteindelijke doel van hulle wetenskap was om tot eer van God dinge in sy Skepping te ondersoek en te ontdek en om Hom daarvoor te loof en te prys.**

Die basiese beginsels wat Darwin in sy publikasie, *On the origin of species* (1859),

uiteengesit het, het geheel en al teen die gangbare wetenskaplike denke van sy tyd ingegaan. Algemeen was nog aanvaar dat die wêreld waarin die mens leef deur God geskep is en dat God wyse wette daargestel het vir volmaakte aanpassing van alle lewende dinge. Darwin het egter in 1859 alle bonatuurlike verskynsels en oorsake verwerp. Darwin se evolusieteorie benodig nie meer die God van die Skrifte as Skepper of Onderhouer nie. Elke faset van "intelligente ontwerp" kan deur natuurlike seleksie verklaar word.

Deur God uit die natuurwetenskappe te haal, het Darwin ruimte gemaak vir suiwer natuurwetenskaplike verklarings van alle natuurlike verskynsels. Dit het gelei tot positivisme en 'n kragtige intellektuele en geestelike omwenteling by die Westerse mens wat tot vandag voortduur (vgl. Ernst Mayr se *One long argument: Charles Darwin and the genesis of modern evolutionary thought*, 1991). Dit het tot 'n geestelike honger gelei, wat onder andere deur Stuart Kauffman aangesny word.

### Onderwys vanuit 'n Bybelse perspektief

Volgens die Bybel het God hemel en aarde geskep om deur die mens, sy ewebeeld, verwerk en versorg te word (Gen. 1:1, 26-28; 2:15). Daarvoor het die mens verskillende gawes ontvang: 'n verstandelike gawe om te abstraher en logies te dink asook die sintuiglike waarnemingsvermoëns om te hoor, te sien, te praat, te voel, te proe en te ruik. Op 'n hoër vlak as hierdie verstandelike en sintuiglike gawes, het God ook aan die mens 'n *denkende vermoë* gegee om te kan onderskei tussen waarheid en onwaarheid; 'n *sedelike vermoë* om te kan onderskei tussen goed en kwaad; en 'n *estetiese (skoonheids-) vermoë* om te kan onderskei tussen mooi en lelik. Hierdie hoër gawes kan nie deur sintuie, wat diere ook besit, waargeneem word nie, maar slegs deur die hoër kenvermoë van die mens.

Vorming en beoefening van wetenskap, ook die natuurwetenskappe, is een van die baie aktiwiteite van die mens. Soos enige

onderneming van die mens word die vorming en beoefening van wetenskap deur menslike dryfvere voortgedryf. Die mens wil deur die wetenskap iets bereik.

**Vandag is Christelike  
perspektiewe by die onderrig  
van vakinhoude baie belangrik,  
veral in die lig van die  
geestelike honger by die  
moderne mens aan insigte van  
'n hoër dimensie in die mens  
se lewe op aarde.**

Deur die wetenskappe verkry die mens insig in die werke van die Skepper van hemel en aarde. Die antieke volke het byvoorbeeld geglo dat donderweer die stem van gode is, wat vir die mens kwaad is. Vandag weet ons dat donderweer afkomstig is van weerlig, wat uit elektriese velde in die atmosfeer ontstaan.

Deur ons studie van die skepping – God se algemene openbaring – leer ons Hom as Skepper en Onderhouer van alle dinge ken, onder andere as 'n God van orde; 'n God van wysheid; 'n intelligente Ontwerper; 'n volmaakte God; 'n goeie en regverdige God; en 'n God wat alles onderhou en beheer.

Hierdie kennis van God sluit aan by die algemene doelstellings wat die Transvaalse Onderwysdepartement in die tagtiger- en negentigerjare van die vorige eeu vir sillabusse in die wiskundige en natuurwetenskappe geformuleer het. Vandag is Christelike perspektiewe by die onderrig van vakinhoude nog meer belangrik, veral in die lig van die geestelike honger by die moderne mens aan insigte van 'n hoër dimensie in die mens se lewe op aarde. Dit wat Kauffman, as selfverklaarde atëis, dryf tot nuwe holistiese beskouings van die natuur, moet Christelike onderwys motiveer, naamlik om deur die onderrig van vakinhoude kennis van God – die God wat Hom in die Skrifte openbaar – aan die leerders oor te dra.

# Die dilemma van die moderne Christenbioloog

J.N. Eloff

Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria

## Inleiding

**M**et die herdenking van die bydrae tot Darwin se werk in 2009, is die saak van die skepping van die heelal en die interpretasie van die skeppingsverhaal in Genesis weereens op die tafel. In 1975 met my intreerede aan die Universiteit van die Vrystaat, was dit baie moeilik om ons tradisionele interpretasie van die Bybel wetenskaplik te verantwoord. Vandag het ons vanweë verskeie nuwe ontdekkings in die argeologie en nuwe insigte 'n herinterpretasie van die Bybel en is die konfrontasie tussen natuurwetenskaplikes en teoloë nie meer so akuut en venynig soos destyds nie. Die meeste van die inligting in hierdie artikel kom uit my intreerede met dieselfde titel.

## Probleemstelling

Een van die probleme wat die Christenbioloog in die gesig staar, is die konfrontasie tussen die teologie aan die een kant en die biologiese natuurwetenskappe aan die ander kant. Hierdie konfrontasie het ontstaan nadat verskillende bioloë die bevindings van Charles Darwin sterk ondersteun en die leer van die evolusionisme sterk na vore gebring het. In sy volle konsekwensies deurgevoer, beteken dit dat lewe op aarde spontaan ontstaan het en dat die hoëre organismes uit die laagste organismes in 'n kontinue reeks ontstaan het totdat die hoër primate en die mens uit 'n gemeenskaplike voorouer ontstaan het. Die Bybelse leer dat die mens volgens die beeld van God geskape is, word dus geheel en al deur die radikale evolusionisme verwerp en die hele skepping word op 'n meganies-materialistiese grondslag verklaar. Hierdie siening kan vanselfsprekend nie die basis van die Christenbioloog wees

nie, omdat God hierdeur uit die skepping verwyder word.

**Charles Darwin se evolusionisme impliseer dat lewe op aarde spontaan ontstaan het en dat die hoëre organismes uit die laagste organismes in 'n kontinue reeks ontstaan het totdat die hoër primate en die mens uit 'n gemeenskaplike voorouer ontstaan het.**

Wanneer ek as Christen van evolusie praat, bedoel ek daarmee dat een soort organisme uit 'n ander soort kan ontstaan. Die dilemma waarvoor die Christenbioloog staan, is dat sy vakwetenskap aan hom letterlik duisende voorbeelde voorhou van feite wat pragtig deur die evolusieteorie verklaar word. Aan die ander kant leer hy uit die Bybel dat God die hemel en die aarde en al die lewende organismes "volgens hulle soorte" in ses dae geskape het. Die dilemma is dus skynbaar dat die Bybel hom een ding leer en sy vakwetenskap 'n ander ding. Dit is duidelik dat hierdie probleem nie bloot 'n akademiese saak is nie. Die Christenbioloog wat as dosent aangestel is, kan nie bekostig om die evolusieteorie te ignoreer nie. Indien sy studente in 'n Christelike omgewing nie al die argumente vir en teen die evolusieteorie hoor nie, kan die student later in 'n ateïstiese natuurwetenskaplike milieu moontlik die pad van die geloof byster raak – soos trouens gebeur het in die geval van Darwin self wat as teoloog



begin studeer het en later 'n volledige ateïs geword het sonder dat hy enige gevoel van verlies ervaar het.

Ter wille van lesers uit ander vakgebiede, sal die wyse waarop die natuurwetenskaplike te werk gaan vervolgens vlugtig verduidelik word.

### Die wetenskaplike metode

Die wetenskaplike metode kan soos volg ingedeel word:

- *Waarneming*: Slegs dit wat *herhaalbaar* waarneembaar is, val binne die gebied van die natuurwetenskaplike.
- *Probleemstelling*: Na aanleiding van die waarneming, word 'n vraag gevra wat relevant en toetsbaar moet wees – die vrae “Hoe?” en “Wat?” is sulke vrae, terwyl “Waarom?” 'n meer problematiese vraag is wat dikwels buite die gebied van die natuurwetenskap val.
- *Hipotese*: Vervolgens word 'n hipotese gestel deur 'n ingeligte raaiskoot te waag – hoe meer ervare die wetenskaplike is, hoe groter is die akkuraatheid van die raaiskoot gewoonlik.
- *Eksperiment*: Die voorspelling wat in die hipotese gemaak word, moet vervolgens eksperimenteel getoets word, selfs al klink die hipotese hóé reg, logies en redelik. Dit is belangrik dat die resultate haalbaar moet wees en dat elke eksperiment 'n kontrolehandeling bevat.
- *Teorie*: Die resultate van 'n eksperiment lei daartoe dat 'n teorie geformuleer word, veral as die resultate deur verskillende navorsers bevestig word. 'n Teorie het gewoonlik voorspellingswaarde – hoe meer dikwels die voorspellings uit die teorie gerealiseer word, hoe groter is die waarskynlikheid dat die volgende voorspelling ook korrek is. Die doel van die natuurwetenskaplike is dus om teorieë daar te stel. Op hierdie wyse speur hy die handewerk van God na en

voldoen hy aan die kultuuroopdrag om die aarde te beheers.

In die lig van die voorafgaande kan gestel word dat, indien die wetenskaplike metode nie op die terrein van 'n spesifieke vraagstuk toegepas kan word nie, val hierdie vraagstuk buite die terrein van die natuurwetenskap. Die natuurwetenskap kan byvoorbeeld nie besin oor die vraag “Is daar 'n God?” nie, want, indien daar wel 'n God is, kan geen kontrolesituasie vir die eksperiment daargestel word nie, en omgekeerd. Die geloofslewe van die natuurwetenskaplike gaan dus sy wetenskapsbeoefening te bowe.

### Val die evolusieteorie op die vlak van die natuurwetenskappe?

Dit is duidelik dat hier beslis sprake is van waarneming, probleemstelling en hipotese. Die komplikasie is egter by die vierde deel, naamlik die eksperiment om die voorspellings te toets en veral om kontrolehandelings te verkry. Ons kan byvoorbeeld voorspel dat indien die mens en die aap van 'n gemeenskaplike voorouer afstam, dieselfde hormone dieselfde uitwerking in albei gevalle moet hê. Dit is betreklik maklik om te toets, maar daar is geen kontrolehandeling beskikbaar nie. Ons kan dus nie sê dat in geval *a* waar evolusie kon plaasgevind het, vind ons resultaat *a*, maar in geval *b* waar evolusie nie kon plaasgevind het nie, vind ons resultaat *b* nie.

Daar is wel 'n minder bevredigende wyse om die probleem aan te pak. Deur te postuleer dat die mens nader aan die aap as aan die hond en nader aan die hond as aan die padda verwant is, kan vergelyk word of dieselfde tipe hormone dieselfde tipe reaksie by die vier organismes ontlok. Indien die ooreenkoms tussen die mens en die aap groter is as dié tussen die mens en die hond, ensovoorts, kan aanvaar word dat die padda en die hond in 'n sekere sin as kontrolehandelings gedien het. Dit bly egter minder bevredigend.

Een van die basiese aannames in verband met die meganisme van evolusie is dat spesialisasie plaasvind op grond van omgewingsdruk, met ander woorde dat

nuwe soorte ontstaan as gevolg van die selektiewe uitwerking van veranderde omgewingstoestande. Deur organismes met 'n kort generasietyd te gebruik, kan 'n eksperiment uitgevoer word. 'n Kontrolegroep word aan konstante omgewingstoestande blootgestel, terwyl ander groepe aan verskillende omgewingstoestande blootgestel word. Indien nuwe soorte ontstaan waar die omgewingsfaktore nie konstant gebly het nie, het ons 'n direkte bewys dat evolusie in hierdie geval plaasgevind het.

**'n Basiese aanname van evolusie is dat spesialisasie plaasvind op grond van omgewingsdruk – dus dat nuwe soorte ontstaan as gevolg van die selektiewe uitwerking van veranderde omgewingstoestande.**

Daar bestaan 'n magdom getuienis wat dikwels indirek is. Vervolgens 'n kort bespreking van die tipes bewyse wat vir die evolusieteorie aangetref word.

## Bewyse vir die evolusieteorie

### Morfologiese bewyse

- **Homoloë en analoë organe**

Homoloë organe is organe wat dieselfde oorsprong het, terwyl analoë organe organe is wat dieselfde funksies het. Die blaai van 'n turksvy is byvoorbeeld homolog met die stingels en analoog met die blare van ander plante. In die geval van diere is die vinne van 'n walvis en rob homolog met die arms van die aap en die voorbene van die hond, maar analoog aan die vinne van 'n vis.

- **Vestigiale organe**

Dit is organe wat hulle funksie verloor het en tans gereduseerd is as gevolg van

onbruik, byvoorbeeld oorblyfsels van 'n heupgordel en agterbene by die luislang.

- **Aanpassings vir versekering van voortbestaan**

Indien gelet word op die verbysterende aanpassings wat deur plante sowel as diere gemaak is om hulle te beskerm in 'n wêreld waar daar sterk kompetisie is, lei dit tot sterk getuienis dat organismes evolusie ondergaan. Voorbeelde hiervan is plante met dorings en giftige plante, asook die geur en kleur van blomme om insekte aan te lok vir bestuiwing. Dierevoorbeelde is die verkleurmannetjie, giftige diere, diere met 'n pantser soos die skilpad of die verskynsel van nabootsing. So byvoorbeeld lyk sekere skoelappers soos 'n ander tipe wat 'n slegte smaak het en gevolglik eet voëls nie een van die twee tipes nie. Dit lyk dus asof die organisme wat die beste by sy omgewing aangepas is, bly voortbestaan het.

**Dit lyk asof die organisme wat die beste by sy omgewing aangepas is, bly voortbestaan het.**

### Taksonomiese bewyse

Die taksonomie is die wetenskap wat te doen het met die klassifikasie of groepering van organismes. Indien al die feite met betrekking tot veral die inwendige en uitwendige kenmerke van organismes beskou word, is dit duidelik dat organismes in groepe verdeel kan word na aanleiding van natuurlike verwantskappe wat hulle met mekaar het. Uit die eienskappe van die verskillende groepe word die gedagte dat die verskillende organismes uit gemeenskaplike voorouers afstam, onbetwisbaar sterk ondersteun. Dit is onmoontlik vir 'n moderne plant- of diertaksonoom om sy vak te beheers sonder om die beginsel van evolusie te aanvaar, naamlik dat die een tipe organisme uit 'n ander tipe ontstaan het. Die groot aantal *Erica*-spesies in die Kaap en *Eucalyptus*- (Bloekom) spesies in Australië is bewys dat soort ontwikkeling (evolusie) beslis plaasvind.

## Getuienis uit die vergelykende embriologie

Indien die ontwikkeling van die bevrugte eiersel by organismes nagegaan word, blyk dat die vroeë embryo's van reptiele, voëls en soogdiere almal dieselfde visagtige kenmerke het, naamlik kieu splete en 'n tweekamerige hart soos 'n amfibiese dier. Hierdie waarnemings het gelei tot Haeckel se beroemde "rekapitulasieteorie", naamlik dat die embryo in sy ontwikkeling dieselfde veranderings ondergaan as wat sy antieke voorgeslagte ondergaan het. Daar is onlangs bewyse gevind dat bedrog met Haeckel se verslag betrokke was wat hierdie getuienis se betroubaarheid beïnvloed.

## Geografiese getuienis

Indien die verspreiding van plante en diere oor die wêreld nagegaan word, is dit opvallend dat sekere organismes sterk in sekere gebiede gelokaliseer is. Ook vertoon organismes wat in die vroeëre kontinent, Gondwanaland, na aan mekaar geleef het, groot ooreenkomste met mekaar.

## Direkte genetiese getuienis

In die vakwetenskap genetica is onbetwisbaar bewys dat die meganisme van evolusie, naamlik mutasies, op sodanige wyse plaasvind dat dit die evolusieteorie ondersteun. Die mutasieverskynsel vorm die grondslag van moderne plant- en diere teelt. Die ontstellende ontwikkeling van weerstand deur bakterieë en ander peste teen antibiotika en insekdoders word verklaar deur Darwin se uitgangspunt van oorlewing van die bes aangepaste.

## Paleontologiese getuienis

Hoewel daar nog baie gapings in die getuienis van die paleontologie is, is daar desnieteenstaande 'n magdom gegewens beskikbaar wat die evolusieteorie ondersteun. Daar is tans byvoorbeeld meer as twee keer soveel fossielsoogdiersoorte bekend as lewende soorte.

## Biochemiese getuienis

Die paleontologiese getuienis kan opgesom word in die volgende voorstelling om die tydsverloop sedert die ontstaan van

die aarde te illustreer (die ontstaan van die aarde word as twaalfuur beskou):

Gebeurtenis	Tyd
Skepping van aarde	0:00
Ontstaan van eerste lewende organismes: Prokariote (bakterieë en blougroen alge)	3:00
Ontstaan van alge, visse, reptiele en landplante	10:30
Ontstaan van blomplante, voëls en soogdiere	11:23
Ontstaan van ape	11:49
Ontstaan van die mens	11:59

Dit is duidelik dat die langste tydsverloop die oorgang tussen die prokariote (organismes sonder 'n kern) en eukariote (organismes met 'n kern) is, naamlik 63% van die totale tyd sedert die skepping van die aarde. Dit is reeds die oorgang tussen die prokariote en die eukariote wat die grootste gaping in die hele evolusionêre skema is. Daar is baie getuienis wat daarop dui dat sekere van die organelle wat in die selle van hoër plante voorkom, soos mitochondria en chloroplaste afkomstig kan wees van blougroen alge. Die chloroplaste van plante het byvoorbeeld hulle eie DNS, verskillend van dié van die selkern, sowel as al die ander komponente wat benodig word vir proteïensintese soos ribosome, oordrag-RNS, ensovoorts. Dieselfde geld in 'n mindere mate vir mitochondria. Verder is ook bevind dat die ooreenstemming in struktuur tussen sitochroom *f* uit 'n blougroen alg geïsoleer ('n prokariot) en sitochroom *f* uit 'n aantal groen alge (eukariot) geïsoleer minstens so hoog was soos die ooreenstemming tussen sitochroom *f* afkomstig van die verskillende groen alge. Al bogenoemde resultate ondersteun die teorie dat organelle soos mitochondria en chloroplaste in die selle van hoër plante moontlik hulle oorsprong in die blougroen alge gehad het.

Biochemici het die verbasende ontdekking gedoen dat op die sub-sellulêre vlak daar 'n baie groot ooreenkoms is tussen verskillende organismes. Die basiese biochemie-

se reaksies is oor die algemeen dieselfde onafhanklik of dit 'n plantsel, diersel of 'n mikroörganisme is. Dit is sterk getuienis dat lewende organismes uit gemeenskaplike voorouers ontstaan het. Meer direkte getuienis van hierdie stelling kom uit die verstommende ooreenkoms tussen die genoom van mense en verskillende diere wat waarskynlik 'n weerspieëling is van die groot metaboliese ooreenkomste tussen verskillende lewensvorme.

**Biochemici het 'n baie groot ooreenkoms tussen verskillende organismes aangetoon. Dit is sterk getuienis dat lewende organismes uit gemeenskaplike voorouers ontstaan het.**

### **Die reaksie van die Christen op die bewyse vir die evolusie-teorie**

Een moontlike rede waarom die Christen so traag was om vatplek aan die evolusie-teorie te kry, is omdat hy bang is dat toegewings met die interpretasie van Genesis gaan lei tot ander toegewings wat later sy geloofslewe kan beïnvloed. Die radikale evolusie-teorie gee daartoe aanleiding dat die ateïs die huidige werklikheid kan probeer verklaar sonder bonatuurlike inwerking. Om die vraag of die Christen die evolusie-teorie kan aanvaar te beantwoord, moet enkele ander aspekte eers bespreek word.

### **Biblisisme of fundamentalisme**

Biblisisme of fundamentalisme kan kortliks omskryf word as die erkenning van die Heilige Skrif as die enigste bron van kennis. Die leiding van die Heilige Gees buite die Bybel word dus nie erken nie. Die fundamentalis gaan dikwels so te werk dat hy 'n faset uit die Skrif haal en dit dan met behulp van die natuurwetenskap wil bewys. Hy glo dat indien hy dit reggekry het, hy die Bybel as korrek bewys. Hy wil dus vanselfsprekend nie natuurwetenskaplike

getuienis aanvaar wat nie ooreenstem met die faset wat hy uit die Skrif onttrek het nie. Die Christen wat sy geloof met behulp van die natuurwetenskappe wil verdedig, staan op dun ys, want die Bybel is geskryf met die wêreldbeeld wat destyds gegeld het, maar waarin ewige waarhede wat vir alle tye geld, die kern vorm. Die sterk ontwikkelings in Bybelinterpretasie die afgelope paar dekades maak dit vandag makliker om 'n gesprek oor evolusie en die Bybel te voer as 35 jaar gelede.

### **Konfrontasie tussen teologie en natuurwetenskap**

Namate die wêreldbeeld van die mens begin verander het vanaf die Bybelse wêreldbeeld, het die konfrontasie tussen die teologie en die natuurwetenskappe al hoe sterker geword. Daar kan byvoorbeeld uit tekste soos Psalm 75:4 en Psalm 104:5 afgelei word dat die aarde plat is. Ook is vanuit die geslagsregisters in die Bybel bereken dat die aarde ongeveer 6 000 jaar oud moet wees. Deur teoloë is afgelei dat die dood, siekte en afwykings resultate van die sondeval was, maar fossiele met hierdie tipe letsels is ontdek in gesteentes wat baie ouer as die mens is. Vroeër is ook aanvaar dat die aantal soorte organismes sedert die skepping konstant gebly het. Oor die term *soort* is baie bespiegel, maar tans is daar oorweldigende getuienis dat daar gedurig nuwe spesies van verskillende organismes gevorm word en dat baie soorte al uitgesterf het en steeds uitsterf.

Sommige teoloë of fundamentaliste probeer die konfrontasie tussen teologie en natuurwetenskap oplos deur die bewyse wat daar vir evolusie is, te bevraagteken. Hier word dikwels die fout gemaak om net 'n gedeelte uit 'n wetenskaplike artikel aan te haal en dit buite verband te vertolk. Dikwels word daar ook in hierdie tipe kritiek aangehaal dat 'n groot natuurwetenskaplike gesê het: "Ons weet nie" of: "Ons is nie seker nie". 'n Mens kry die indruk dat die teoloog nie graag wil sê: "Ons weet nie" of: "Ons is nie seker nie" – moontlik omdat hulle die kwessie van geloofsekerheid verwar met sekerheid van korrekte eksegese van die Skrif.

## Het die Christenbioloog ook 'n taak in die Skrifeksegese?

'n Belangrike deel van ons Calvinistiese geloofsbelydenis word in Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis saamgevat. Dit wil sê dat God homself in sy Woord en in die natuur openbaar. Wanneer die teoloog uit die Bybel en die natuurwetenskaplike uit die natuur teenstrydige resultate behaal, beteken dit noodwendig dat een van die twee wetenskaplikes sy bron van kennis verkeerd interpreteer. Prof. J.A. Heyns is die volgende mening toegedaan: "Die teoloog behoort 'n eerlike en volgehoue gesprek met die gelowige natuurwetenskaplike as een van sy eksegetiese metodes te aanvaar."

Hoe moet die eerste drie hoofstukke van Genesis dan geïnterpreteer word indien die evolusieteorie aanvaar word? In die eerste plek kan gestel word dat teoloë ook besef dat daar baie probleme bestaan in verband met die interpretasie van hierdie drie hoofstukke – veral ná die bewyse dat Genesis tydens die Babiloniese ballingskap geskrywe is. Indien hierdie hoofstukke in die figuurlike sin gelees word, is dit baie meer inhoudryk as wanneer dit letterlik opgeneem word. Nie-gelowiges het die son, maan en sterre, berge, bome en ander dinge aanbid. Die belangrike boodskap van Genesis 1 is dat God die skepper van alles is – ook van hierdie skyngode.

**Prof. J.A. Heyns:  
"Die teoloog  
behoort 'n eerlike  
en volgehoue gesprek  
met die gelowige  
natuurwetenskaplike  
as een van sy  
eksegetiese metodes  
te aanvaar."**

Die groot verskil tussen Genesis 1 en Genesis 2 is dan ook nie meer ter sake nie. In Genesis 1 is die volgorde van die skepping, naamlik aarde – plant – dier –

mens, terwyl dit in Genesis 2 mens – plant – dier – Eva is. Indien die tekste figuurlik geneem word, is daar geen probleem nie, want waar hoofstuk 1 klem lê op die skepping van stoflike dinge, laat val die tweede hoofstuk die klem op die mens en hoofstuk 2 word dan 'n loflied tot eer van die Skepperkoning, in plaas van 'n geskiedenisles.

Daar is ook ander probleme wat deur so 'n siening van Genesis 1 en 2 opgelos word, byvoorbeeld die skepping van plante voor die skepping van die son (plante op die 3e dag en son, maan en sterre op die 4e dag). Die belangrikste om hier in te sien, is dat die boeke van die Pentateug vanuit 'n baie verouderde wêreldbeeld geskryf is. Indien 'n mens aanvaar dat die aarde rond in plaas van plat is, is dit in teenstelling met die wêreldbeeld van die Bybelskrywers. Dan is die eerste stap reeds geneem om te erken dat ons nie die Bybel deur middel van ons moderne wêreldbeeld kan interpreteer nie. Die Bybel is nie geskryf om vir ons natuurwetenskaplike waarhede, wat dikwels tydelik is, mee te deel nie, maar om ewige waarhede te verkondig.

Wat Genesis 3 betref, kan dit as 'n gelykenis beskou word, wat in ooreenstemming sou wees met die Oosterse tradisie om "verhale" te vertel om iets duidelik te maak, omdat die Oosterling nie histories dink op dieselfde wyse as die Westerling nie. Dieselfde neiging is ook by Christus wanneer Hy gelykenisse vertel. Indien Genesis 3 as gelykenis beskou word, is daar 'n dieper boodskap in, naamlik die wandel van die mens met God, die verantwoordelikheid van die mens om tussen goed en kwaad te kies en sy sondeval. Dit bevat in enkele skoon trekke die essensie, die tragiek en die hoop van elke mens. Dit was dan dalk nie deur een mens wat die sondeval gekom het nie, maar die mens as sodanig wat nie teen sy sondige natuur kon weerstand bied nie. Christus bly egter steeds die tweede Adam deur wie die verbroke band met God weer herstel kan word. Deur Christus leer die mens weer sy roeping vervul, naamlik om God in alles te verheerlik, ook in sy arbeid in die natuur.

## Is dit vir 'n Christen moontlik om die evolusieteorie te aanvaar?

Kan 'n Christen glo dat die lewende organismes wat nou die aarde vul, vanuit 'n enkele tipe primitiewe organisme ontstaan het, oftewel dat die lewende organismes op aarde uit lewelose materie ontstaan het?

**Hoe heerlijk gaan  
die lofsange in  
die hemel wees  
wanneer ons nie meer  
deur 'n spieël  
in 'n raaisel kyk nie!**

Die antwoord van die moderne Christenbioloog is beslis, ja! Een wyse waarop God moontlik die Skepping te weeggebring het, sou kon wees dat Hy uit niks al die natuurwette geskep het. Vir my is dit 'n groter onbeskryflike onverstaanbare wonder dat God in daardie wonderlike daad die natuurwette vir die hele kosmos geskep het. Hierna vind daar 'n wording plaas van al die verskillende lewensvorme waarin God deur Sy natuurwette, waaroor Hy in elk geval soewereine mag het, uit die lewelose al die lewende organismes vorm. God die Heilige Gees, wat ook nie aan tyd of ruimte gebonde is

nie, onderhou ook in sy alwyse Voorsienigheid ná die wordingsproses die heelal deur die Godgegewe natuurwette. Daar mag vanuit teologiese oorwegings besware wees teen hierdie siening, maar dan moet die saak tussen Christen en Christen bespreek word. Ek pleit dus dat daar 'n dialoog moet ontstaan tussen die Christenbioloog en die teoloog. Elke Christen natuurwetenskaplike wat die onbeskryflike heerlijkheid van die skepping en die Skepper sien met die kennis wat ons sedert die tyd van die Ou Testament verwerf het, sou vandag 'n nuwe onbeskryflik heerliker Psalm 8 skryf oor die skepping en die Skepper. Hoe heerlijk gaan die lofsange in die hemel wees wanneer ons nie meer deur 'n spieël in 'n raaisel kyk nie!

Die groot Calvinistiese teoloog, A. Kuyper, het reeds in 1899 duidelik laat blyk dat die evolusieverskynsel in beginsel nie vir die Christelike geloof onaanvaarbaar is nie:

Niet onzen stijl zullen wij aan den Oppersten Bouwmeester van het Heelal opdringen. Mitz Hij, niet in schijn, doch in wezen de Bouwmeester blijve, is Hij ook in de keuze van de bouwstijl de Vrijmachtige. Had het God dus liefd niet zelf soorten te scheppen, maar soort uit soort te doen opkomen, doordat Hij de voorafgaande soort op de productie van het hoger volgende had aangelegd, de Schepping zou er even wonderbaar sijn.

**WOORD & DAAD** nou ook op **Facebook!** /  
**WORD & ACTION** now also on **Facebook!**

Sluit gerus aan by die groep om jou  
opinie/kommentaar te lewer en te sien wat die nuutste  
uitgawe inhou:

Woord en Daad – REBSA

[http://www.facebook.com/home.php#/group.php?  
gid=80390381484](http://www.facebook.com/home.php#/group.php?gid=80390381484)

# Kontemporêre Suid-Afrikaanse politiek – waterskeiding en vensterperiode (op pad na 2014)

A. Duvenhage

FA-Direkteur, Skool vir Sosiale & Owerheidstudies,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

## Inleiding en kontekstualisering

**W**at tot baie onlangs toe nog in die weegskaal was, het letterlik oornag politieke werklikheid geword, naamlik die Zuma-faksie wat beheer geneem het van die nuwe regering. Hierdie “faksie” is tans besig om magsbasse binne die groter regime en die staat te konsolideer. (Die begrip *regime* verwys na die politieke stelsel, *a system of rule*, binne die staat en impliseer politieke, bestuurs- en administratiewe strukture. Die staat is op sy beurt groter as die regime en omsluit byvoorbeeld die politieke stelsel, die burgers, ’n geografiese territorium en die soewereiniteitgedagte.) Mbeki en sy ondersteuners het hulself óf drasties anders polities geposisioneer, óf is besig om in ’n oogwink deel van die geskiedenis van Suid-Afrika te word. Tans hou talle politieke wetenskaplikes hulle daarmee besig om te probeer bepaal wat om oor die volgende vyf jaar in die algemeen van die nuwe regering en administrasie te verwag, en dan in besonder van Jacob Zuma se presidentskap. Daar bestaan by my nie twyfel nie dat die volgende vyf jaar bepalend gaan wees vir die land en al sy mense en dat die Zuma-regering en administrasie ’n verskil gaan maak – hetsy positief of negatief.

**Talle akademici verwys na die nuwe fase as “the Zuma watershed”.**

Dit is verder my oortuiging dat Suid-Afrika tans in ’n fase staan wat beskryf kan word as ’n “window of decision” – soms ook genoem ’n “chaos point”. Afhangend van wat in die volgende jaar besluit gaan word, kan hierdie vensterperiode verreikende implikasies vir die volgende vyf jaar en ook vir die langer termyn inhou. Besluitneming binne die vensterperiode kan op die korter termyn ’n kritieke punt van onstabiliteit definieer (’n “chaos point”) wat die groter stelsel op die mediumtermyn na ’n “devolution of breakdown” (’n slegte-geval scenario) kan neem, of die grondslag kan stel vir “evolution towards breakthrough” (die beste-geval scenario). Daarom is die volgende jaar of wat so belangrik vir die Suid-Afrikaanse politiek: dit gaan die grondslag vir die mediumtermyn bepaal en gaan ’n beslissende impak op die langtermyn hê.

**Daar bestaan nie twyfel nie dat die volgende vyf jaar bepalend gaan wees vir Suid-Afrika en al sy mense en dat die Zuma-regering en administrasie ’n verskil gaan maak – hetsy positief of negatief.**

Talle akademici verwys na die nuwe fase wat betree word as “the Zuma watershed”, met die implikasie dat dit wat ons sedert 1994 leer ken het, nou met ’n ander-

soortige politieke paradigma vervang kan word. Laurence Piper beskryf hierdie potensiele paradigmaverandering as 'n verandering "from postapartheid to post-colonial". Hierdie onderskeid is belangrik om die toekoms beter te kan verstaan.

Met bogenoemde as agtergrond kan die vraag met reg gevra word wat die waterskeidingsfase tans behels en of dit slegs daarop neerkom dat 'n nuwe koning (met ander lojaliste) die "ou koninkryk" gaan bestuur. Laasgenoemde kom min of meer neer op die voortsetting van die status quo in 'n effens gewysigde formaat, naamlik die "evolusie" op pad na 'n postkoloniale verwysingsraamwerk. Dat verandering gaan plaasvind is nie te betwyfel nie, maar verskillende interpretasies bestaan wel oor die aard en omvang van die verandering wat in die vooruitsig gestel word. Besluite binne die genoemde vensterperiode hou egter verreikende implikasies in vir dit wat van die Suid-Afrikaanse politiek oor die volgende vyf jaar verwag kan word.

**Tesame met die elitevervanging, het daar ook 'n ideologiese suiwering plaasgevind en word die grondbeginsels van die ANC herbeklemtoon.**

Bogenoemde kontekstualisering en dit wat binne hierdie raamwerk verwag kan word, vorm die fokus van hierdie artikel. Daar sal veral gepoog word om aan te dui wat van die nuwe regering en administrasie verwag kan word in die periode van waterskeiding en wat myns insiens fundamenteel van aard en groot in omvang kan wees. Die volgende word as fokuspunte uitgesonder:

- Suid-Afrika se tweede transisie: 'n waterskeidingsmoment
- Die drywers van politieke verandering
- 'n Vensterperiode
- Evaluerende perspektiewe

## **Suid-Afrika se tweede politieke transisie: 'n waterskeidingsmoment**

In 'n vorige uitgawe van *Woord en Daad* is daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse politiek verstaan moet word in terme van die komplekse samehang van twee konflikerende logikas, naamlik die patrimoniale (wie is reg?) en die Westers-staatkundige perspektief (wat is reg?). Die samehang, oftewel 'n neo-patrimoniale logika, met die beklemtoning van *presidentialism* (sterkman-politiek), *clientelism* (kliënte- of klandisieverhoudings), *patronage politics*, *personality-based politics* en alles wat hiermee saamhang, verskaf 'n belangrike akademiese raamwerk vir die verstaan van Suid-Afrika se tweede politieke transisie. Die sentrale impetus en oorsprong van hierdie politieke transisie moet gesoek word in die *political network frustrations* eerder as in staatkundige, grondwetlike, ideologiese en institusionele redes. Dit wil egter nie sê dat die tweede transisie nie 'n fundamentele impak op al laasgenoemde sake gaan hê nie. Trouens, dit is juis wat tans besig is om te gebeur, met verreikende implikasies vir die groter regime en ook die staat.

Die essensie van Suid-Afrika se tweede transisie was die byeenbring van die sogenaamde *coalition of the aggrieved* en die mobilisasie van politieke steun, met Jacob Zuma as die belangrikste leiersfiguur. Die ontseteling van die Mbeki-elite in Polokwane het gevolg as 'n stap van 'n groter paleisrewolusie. Aanvanklik was die paleisrewolusie slegs binne die party, maar later het dit ook uitgebrei ten opsigte van die regering en die groter regime, met netwerkvervanging en intense netwerkfrustrasies as uitkoms. Beheer oor die regime en die staat is verder geïnisieer met die oorwinning van die ANC (soos die party ná Polokwane daar uitgesien het) tydens die 2009-verkiezing. 'n Nuwe politieke fase is gevolglik betree. Hierdie fase van regimetransisie (en moontlik selfs 'n tweede transformasie) het tot dusver tot groot onsekerheid in talle kringe gelei, was minstens ten dele verantwoordelik vir konflik en selfs geweld – en is steeds nie opgeklar nie.



Tesame met die elitevervanging wat reeds vóór die verkiesing begin het, het daar ook 'n ideologiese suiwing plaasgevind en is die neo-liberale 1996 *class project* (Mbeki se “pseudo-revolutionary style”) van die tafel gevee met 'n herbeklemtoning van die grondbeginsels van die ANC (soos veranker in die ideologie van die nasionaal demokratiese revolusie) wat vervat is in 'n aantal Polokwaneresolusies, wat gekonsolideer is in die party se 2009-verkiesingsmanifes en wat tans gereed is vir implementering. Op die staatkundige oppervlak (met spesifieke verwysing na die 2009-verkiesingsuitslag) was die verandering minder opvallend, met die ANC wat slegs met 'n verkleinde meerderheid steeds in 'n bykans onaanvegbare politieke posisie verkeer. Die impak van COPE was ook minder as wat aanvanklik verwag is.

**Die ANC konsentreer op die transformasie van die regbank en hoër onderwys, versnelde landelike ontwikkeling en grondhervorming, groter sosiale toelaes, strukturele veranderings op die regimevlak en die nasionalisering van myne.**

Dit is egter die dinamika binne die ANC, met die Zumagroepering wat tans die septer swaai, wat die aard van die verandering in meer omvangryke en fundamentele terme voorstel – veral ten opsigte van sy uitkringende effek in terme van die groter regime en die staat. Die uitsprake van die Malemas, Vavis en Nzimandes dui hier die weg aan. Die agenda van die ANC konsentreer op sake soos die transformasie van die regbank en hoër onderwys, versnelde landelike ontwikkeling en grondhervorming, groter en meer sosiale toelaes in moeilike ekonomiese tye, strukturele veranderings op die regimevlak om uitdrukking te gee aan politieke ideale soos onder meer vervat is in die Polokwaneresolusies, en agendapunte soos die nasionalisering van myne. Hierdie agenda word ondersteun deur die populistes binne die nuwe regering en administrasie. Bogenoemde

word verdiskonteer teen die agtergrond van die noodsaak van 'n “ontwikkelingsstaat”, voorgestel as “(a)n activist state that intervenes decisively in the economy with a general progressive agenda”, waarvan die primêre foci armoedeverligting en werkskepping is. Wat bogenoemde problematies maak, is nie soseer wat die agendapunte is nie, maar die wyses waarop dit ten uitvoer gebring moet word en veral die rol wat aan die staat in dié verband toegeken word.

In sommige opsigte herinner die voorgestelde planne (en veral die wyse waarop dit ten uitvoer gebring moet word) aan die meer gesentraliseerde politieke modelle wat prominent gefunksioneer het in Oos-Europa en die Sowjet-Unie tydens die Koue Oorlog en voor die val van die Berlynse muur. Daar moet in gedagte gehou word dat bogenoemde die politieke model is (met inbegrip van die onderliggende ideologiese grondslag) waarin die ANC ten tyde van die strugle sy politieke heil gesoek het.


**In sommige opsigte herinner die voorgestelde planne van die ANC (en veral die wyse waarop dit ten uitvoer gebring moet word) aan die gesentraliseerde politieke modelle wat gefunksioneer het in Oos-Europa en die Sowjet-Unie tydens die Koue Oorlog en voor die val van die Berlynse muur.**

Soos ook in ander bydraes vermeld, bestaan daar by my min twyfel dat die heftigheid van politieke verandering nog voorlê en dat die Suid-Afrikaanse politiek 'n waterskeidingstyd tegemoetgaan. Die verandering kan net so ingrypend wees as dié van die eerste transisie (1989-1994). Myns insiens gaan die verandering fundamenteel en omvangryk van aard wees. Die groot vraag is egter wat van hierdie fase in ons politiek verwag kan word. Om hierop 'n beter perspektief te kry, moet die belangrikste drywers van politieke verandering eers in oënskou geneem word.

## Die drywers van politieke verandering

Die drywers van politieke verandering kan in terme van bogenoemde teoretiese perspektief samevattend soos volg gerekonstrueer word:

Figuur 1: Drywers van politieke verandering



Bogenoemde drywers van politieke verandering skep tans 'n baie onstabile politieke omgewing (hopelik slegs op die korttermyn), wat vervolgens aandag verdien.

Die postverkiesingsomgewing met Jacob Zuma in die saal is alles behalwe 'n

stabile politieke omgewing. Patrone van politieke onstabiliteit manifesteer in terme van die grootste plaaslike regeringsoptande sedert die tagtigerjare, stakings en gewelddadige stakings wat óf tans plaasvind, óf op die korttermyn in die vooruitsig gestel word. Dienslewingsprobleme bereik tans die punt dat selfs ANC-lede

beklemtoon dat talle strukture (provinsiaal, maar veral plaaslik) op die rand van ineerstorting staan. Met sosiale vraagstukke soos armoede en werkloosheid wat al hoe sterker manifesteer en die voorkoms van vigilantisme en xenofobie, word die omgewing verder polities, ekonomies en sosiaal gedestabiliseer. Om sake te vererger is die ekonomie boonop in 'n afwaartse fase en kan daar al hoe moeiliker aan verkiesingsbeloftes uitvoering gegee word – 'n bydraende faktor tot onsekerheid, onstabieliteit, en selfs konflik en geweld.

Dit is ook nie waar al die probleme (of moet ek sê “uitdagings”) eindig nie. Die *broad church* van die ANC is nog glad nie stabiel nie en die ontbinding van provinsiale strukture van die ANC (Noordwes en Wes-Kaap) is onlangs aangekondig. 'n Heksejag is tans aan die gang om COPE-lede te identifiseer, te etiketteer en te verwyder waar dit moontlik is, terwyl COSATO en die SAKP alles in hulle vermoë doen om die politieke agenda van die Zuma-regering te dikteer. Laasgenoemde dui op 'n skuif na links, dit wil sê 'n sterker populistiese oriëntasie met groot onsekerheid wat tans bestaan ten opsigte van die politiek-ekonomiese paradigma waarin verhoudings tussen georganiseerde arbeid, besigheid Suid-Afrika en die regering beslag moet kry. Daar word selfs verwys na 'n aanslag op die sakesektor, met die regering en georganiseerde arbeid wat toenemend in 'n strategiese vennootskap handel. Dit verskil drasties van die Mbekitydperk en beklemtoon veral die verhouding tussen die ANC-regering en Cosatu. Hierdie ideologiese konflik is nog lank nie uitgesorteer nie en agendapunte waaroor die debat plaasvind, sluit onder meer in die nasionalisering (of nie) van myne, versnelde grondhervorming binne of buite die raamwerk van vrywillige koperverkopers, ensovoorts.


Nieteenstaande duidelike tekens van institusionele verval en 'n bewese onvermoë van staatsinstellings om selfs die minimum take suksesvol uit te voer, word popu-

listiese politieke agendas met die beklemtoning van werkskepping, armoedeverligting, sosiale sekuriteit (mediese versekering, pensioene en uitbreiding van sosiale toelaes) selfs sterker as in die verlede op die voorgrond geplaas. Verwagtings ken soms geen plafon nie, in 'n omgewing waar dienslewering as gevolg van institusionele kapasiteite 'n algehele laagtepunt bereik het. 'n Ekonomie waar die “tweede goue era” van groei homself uitgewoed het in 'n wêreldekonomie wat steier onder 'n wêreldwye resessie (en wat deur sommige ekonome selfs as 'n depressie voorgehou word), kompliseer dienslewering en dra dit by tot eskalerende konflikte binne 'n onstabiele politieke raamwerk. Die volgende is 'n voorstelling van patrone van politieke onstabieliteit op plaaslike regeringvlak as gevolg van onder meer swak dienslewering. Die oorsake van plaaslike regeringsonstabieliteit is meer kompleks as blote swak dienslewering. Dit sluit sake in soos leierskapskonflikte, armoede, werkloosheid en 'n verswakkende ekonomie.

**Nieteenstaande  
duidelike tekens  
van institusionele verval  
en onvermoë van  
staatsinstellings  
om take suksesvol  
uit te voer,  
word populistiese  
politieke agendas  
sterker op die  
voorgond geplaas.**

Die drywers van politieke verandering skep tans die omgewing wat voorgehou word as 'n *chaos point*. Dit definieer 'n vensterperiode wat bepalend kan inwerk op Suid-Afrika se medium- en langtermyn-toekoms.

Figuur 2: Patrone van politieke onstabiliteit



## 'n Vensterperiode

'n Venster van geleentheid bestaan tans om die land te plaas op die weg na "devolution towards breakdown" ('n slegte-geval scenario) of "evolution towards breakthrough" ('n beste-geval scenario). In 'n openbare aanbieding 'n tyd gelede het ek na die *slegte-geval scenario* verwys as die "black hole", wat gekenmerk word deur die volgende eienskappe:

- 'n Onstabiele *broad church* met eskalerende regime en staats-onstabiliteit.
- 'n Swak staatsdinamika met 'n sterk ideologiese (selfs NDR-) toepassing wat die weg baan vir 'n bevrydings-oligargie.
- Patrone van institusionele verval wat eskaleer en die toenemende promi-

nensie van patrimoniale netwerke wat die terrein voorberei vir vorms van *krygsheerisme* in die uiterste vorm.

- Gefragmenteerde soewereiniteite wat duideliker gedefinieer word.
- Hoogs gemobiliseerde verwagtings wat in botsing is met die ekonomie se vermoë enersyds en institusionele onvermoëns andersyds.
- 'n Onvermoë om diverse sosiale vraagstukke, waaronder armoede en werkloosheid, na behore te hanteer.

Hierdie scenario veronderstel 'n radikale afwyking van die status quo en definieer 'n samelewing wat John Hobbes sou beskryf as "life [...] under these circumstances [would be] solitary, poor, nasty and short". Die scenario sal realiseer na gelang omstandighede in die onderskeie klusters versleg om aan 'n "gevallende staat" en

gepaardgaande dinamika beslag te gee. Hierdie scenario moet ten alle koste verhoed word.

Die beste-geval scenario (*carpe diem* – gebruik die geleentheid) veronderstel die verstaan van die aard en omvang van die krisis, die wil om dit konstruktief te verander, met die nodige leierskap en gepaardgaande waardesisteme as grondslag. 'n Herverbintenis tot die ideaal verbonde aan die reënboognasie moet herbeklemtoon word, tesame met die strewe om demokratiese waardes institusioneel te konsolideer. Die grondslag hiervan moet in die volgende vyf jaar gelê word, en die volgende prioriteite moet daarvoor geld:

- Die bewerkstelling van groter politieke stabiliteit, gematigheid, verdraagsaamheid en die soeke na konsensus.
- 'n Demokratiese orde met sowel liberale as sosiale kenmerke. Politieke vryheid en dienslewering moet dus albei prioriteite wees.
- Die aktivering van staatsbouprosesse, waarvan dienslewering die fokus moet wees.
- Verteenwoordigendheid as norm en nie as allesoorheersende gebod nie. Alle kundigheid en vaardighede – ongeag ras, kultuur of transformatiewe oorgewings – moet in landsbelang aangewend word.
- 'n Ontwikkelingstaatsgedagte gerig op ondersteuning eerder as op uitgebreide politieke beheer.
- 'n Toesighoudende politieke rol oor die semistaatsomgewing, korporatiewe wêreld- en besigheidsomgewing ter bevordering van sosiale, ekonomiese en politieke stabiliteit.
- Pragmatisme eerder as ideologiese benepenheid in terme van beleids-toepassing.
- Die omskakeling van ekonomiese groei in patrone van volhoubare ontwikkeling – ook (veral?) in die landelike omgewings.

Hierin lê die groot uitdaging vir die nuwe regering en administrasie in die volgende vyf jaar, met die wete dat hierdie *kairos moment* nie onbepaald met ons gaan wees nie.

### Evaluerende perspektiewe

Die Zuma-oorwinning in Polokwane (en daarmee saam die val van Mbeki) het die “coalition of the aggrieved” na die 2009-verkiezing in beheer van die regering van Suid-Afrika geplaas. Dit het gelei tot 'n situasie waar 'n nuwe politieke dinamika die bestaande dinamika vervang, en dit hou implikasies in vir stabiliteit, kontinuïteit en voorspelbaarheid. 'n Vensterperiode bestaan om die Suid-Afrikaanse politiek op 'n baan te plaas waarna vroeër verwys is as “evolution towards breakthrough”. Indien die drywers van verandering, soos aangedui, verder versleg, is die uitkoms 'n scenario van “the black hole” – 'n scenario wat in alle opsigte vermy moet word.

**Gaan Jacob Zuma en sy administrasie hierdie nuwe denkvlak definieer, die hoë moreel-etiese grond betree en die “Groot Man” van Afrika word?**

Die skuif van postapartheid na post-kolonialisme – 'n belangrike perspektief op ons toekoms – en 'n tussenposisie in terme van bogenoemde uiterstes, kan in die woorde van Michael Chapman soos volg saamgevat word:

It is racially diverse; heterogeneous in language, culture and religion. It is characterised by sharp economic and educational disparities. It is susceptible to disease and crime. Its civil institutions are fragile. Its literacy and literacy life are uneven. Hard won, liberation-movement freedoms can be at odds with the former liberation movement that is now the ruling party. The Big Man syndrome can signal compromised leaders. The 'people' are often at the rough edge of service delivery ... The hardships of poverty, of urban

dislocation, of the problematic mingling of tradition and the now, in a pluralizing modernity, all lend content and intent to rituals of succour, solidarity, survival and salvation.

Bogenoemde is 'n samevatting van sommige uitdagings wat vir Suid-Afrika gestel word op pad na 2014. Die vensterperiode wat tans bestaan om Suid-Afrikaanse politiek op 'n nuwe baan te plaas, gaan nie permanent met ons wees nie. Die hoop bestaan dat die nuwe Zuma-administrasie die beste van hierdie vensterperiode kan en gaan maak. Of dit gaan realiseer, bly 'n ope vraag. My groot kommer is dat hierdie

vensterperiode in die maalkolk van politieke onstabiele misgelees gaan word en dat die land in 'n afwaartse spiraal ingetrek kan word, met verreikende negatiewe implikasies vir die politiek en die ekonomie van die land. Wat nou nodig is, is 'n staatsman en nie bloot 'n politieke leier nie. Albert Einstein het gesê dat die oplossing van komplekse probleme nie op dieselfde denkvlak hanteer kan word as die vlak waarop dit geskep is nie. In Suid-Afrika is dit inderdaad tans die geval. Gaan Jacob Zuma en sy administrasie hierdie nuwe denkvlak definieer, die hoë moreel-etiese grond betree en die "Groot Man" van Afrika word?

**König, Adrio. 2005. Christelike doop én bekeringsdoop?**  
Wellington: Lux Verbi.BM. 237 p. Prys: R99,95. ISBN: 0 79630 336 3.

**Resensent:** R.A. Denton  
Hervormde Studentegemeente, Potchefstroomkampus,  
Noordwes-Universiteit

*Christelike doop én bekeringsdoop?* is 'n nuwe formaat van die bekroonde boek, *Stof jou doop af!* deur die bekende Adrio König. Hierdie volledig uitgebreide uitgawe bied verrykende inligting wat die leser 'n ryker kennis en beleving van die doop gee. Die skrywer stel antwoorde voor op die titelvraag *Christelike doop én bekeringsdoop?*. König beskryf in 'n besondere spreektaal-skrystyl die Bybel se ryk siening van die doop. Die teologiese hantering van die Bybel in die gesprek oor die doop word op 'n verantwoordbare, teologiese wyse hanteer. Die besondere manier van hantering van die onderwerp word veel wyer bespreek as gewoonlik. Die onderskeie elemente wat in die boek behandel word, word goed aangebied sodat vlugvoetig beweeg kan word tussen die konteks van die Bybel en die eietydse leser se konteks.

'n Omvattende kursus wat König oor 'n tydperk van tien jaar se dooponderrig in gemeentes ontwikkel het, word breedvoerig bespreek, asook 'n aantal voorstelle vir dooppreke. In die publikasie word daar ook na verskillende huweliksmodelle gekyk wat 'n wesenlike faset van dooponderrig is. König stel voor dat 'n "bekeringsdoop" vir gereformeerde lidmate oorweeg kan word as aanvullend tot die Christelike doop. Hierdie standpunt behoort 'n interessante debat in kerklike kringe uit te lok.

Die publikasie kan aanbeveel word as 'n handige verduideliking van verskillende benaderings en standpunte oor die doop. 'n Nuwe wyse om weer oor die doop te dink, wek opgewondenheid om die boek deur te werk om die onderwerp, vanuit König se perspektief, beter te verstaan. Hierdie is inderdaad 'n bruikbare boek oor die betekenis en moontlike praktiese toepassing van verskeie aspekte van die doop.

# Die werklike oorsaak van die ekonomiese krisis

A. Heymans  
Risikobestuur, Potchefstroomkampus,  
Noordwes-Universiteit

**H**oewel die Amerikaanse huisleningsdebakel voorgehou word as die rede vir die huidige ekonomiese krisis, is dit nie die enigste oorsaak van die krisis nie. Die oorsprong van die krisis gaan verder terug as die verbrokkeling van die Amerikaanse huismark en sluit verskeie faktore in wat 'n rol gespeel het in die ontstaan van die krisis. Ofskoon die krisis tot sy volle manifestasie gekom het met die val van die sub-prima huismark, was lae rentekoerse in die VSA, slap kredietverleningsregulasies, komplekse finansiële instrumente en onverskillige risikoneming die groot redes agter die val van die finansiële stelsel in Amerika en Europa.

**Lae rentekoerse in die VSA, slap kredietverleningsregulasies, komplekse finansiële instrumente en onverskillige risikoneming was die groot redes agter die val van die finansiële stelsel in Amerika en Europa.**

## Die rol van finansiële instrumente

In die tydperk voor die finansiële krisis was daar 'n groot hoeveelheid beleggers van Asië en die olieproduserende lande wat geld in Amerika belê het. Hierdie buitelandse beleggings het daartoe gelei dat banke 'n groot hoeveelheid kontant gehad het om uit te leen. Teen 2002 was die

gemiddelde opbrengskoers op hierdie beleggings egter baie laag, en banke het nuwe en meer riskante finansiële instrumente ontwerp om aan hulle beleggers hoër opbrengste te verseker. Dié instrumente het grootliks bestaan uit "CDOs" (Collateralised Debt Obligations) en "MBS" (Mortgage-Backed Securities) wat hulle waarde gekry het van die huisleningspaaie. As gevolg van die snelheid waarmee finansiële instrumente ontwikkel is, het die graderingsmaatskappye nie bygehou met die werklike waarde en risiko's verbonde aan hierdie produkte nie. In die meeste gevalle het hulle hul verlaat op die berekenings wat deur die skeppers van dié instrumente voorgehou is. Aangesien die gemiddelde Amerikaanse huis se waarde egter met 124% toegeneem het tussen 1997 en 2006, het dié instrumente in gewildheid toegeneem en niemand het die risiko aan sulke instrumente bevraagteken nie.

Hoewel investeringsbanke, verskansingsfondse en ander beleggingsfirmas in die VSA en Europa die grootste investeerders in hierdie instrumente was, het die gewildheid van CDOs en MBS later oor die grense van beleggingsmaatskappye gespoel. Teen 2008 het die meeste Amerikaanse en Europese finansiële instellings van hierdie produkte op hulle boeke gehad.

## Onvolhoubare verbruikersbesteding

Tussen 2001 en 2005 het die invloed van kontant asook die lae rentekoerse die huis- en kredietborrels aangevuur wat gelei het tot die verdere toename in die waarde van die gemiddelde Amerikaanse

huis. Die Amerikaanse publiek het ook ekonomiese groei aan die gang gehou met 'n sterk verbruikerskultuur. Hierdie kultuur was moontlik omdat dit vir die gemiddelde Amerikaner maklik was om skuld te maak. Teen 2007 was die gemiddelde Amerikaanse huishouding se skuld 127% van hulle besteebare inkomste.

**Teen 2007 was die gemiddelde Amerikaanse huishouding se skuld 127% van hulle besteebare inkomste.**

Baie huiseienaars het hulle huislenings herfinansier teen hoër waardes, en die verskil wat in kontant uitbetaal is, gebruik om verbruikersbesteding te finansier en op aandele te spekuleer. As gevolg van hierdie sterk bestedingskultuur en die vraag na krediet, het dit vir baie finansiële maatskappye 'n voordeel ingehou om so vinnig as moontlik te groei, en groot getalle lenings uit te gee.

### **Onverskillige kredietverlening**

Vanweë die algemene welvaart van die finansiële maatskappye wat by die proses van kredietverlening betrokke was, het die kompetisie om kliënte te bekom ook baie straf geraak. Daarmee saam was daar druk van die Amerikaanse regering (veral onder die Clinton-administrasie) om elke Amerikaner in staat te stel om sy/haar eie huis te bekom. Op grond van hierdie druk het baie finansiële maatskappye hulle keuringstandaarde verlaag, en geld uitgeleen aan mense wat nie kredietwaardig was nie.

**Soos meer eiendomme in die mark gesit is, het die waarde van die Amerikaanse huismark begin daal, wat gelei het tot paniekverkope van eiendomme deur die betrokke finansiële maatskappye.**

Aanvanklik is die betrokke maatskappye nie geraak deur enkele huiseienaars wat nie hulle skuld kon betaal nie, omdat die huismark sterk gegroei het in die tydperk voor die finansiële krisis. In die finansiële maatskappye se boek was die eiendom, wat as sekuriteit vir die huislening gedien het, meer werd as die skuld op die verband. Namate daar egter meer verbande aan slegte betalers uitgereik is, het die finansiële maatskappye wat hierdie krediet verleen het, al hoe meer eiendomme op hulle boeke bymekaargemaak (teruggeneem van slegte betalers). Dit het vir hulle moeiliker begin raak om van hierdie eiendomme ontslae te raak. Soos meer eiendomme in die mark gesit is, het die waarde van die Amerikaanse huismark begin daal. Dit het later gelei tot paniekverkope van eiendomme deur die betrokke finansiële maatskappye.

### **Die vermindering in waarde van finansiële instrumente**

Met die afnemende waarde van eiendom (private wonings) in Amerika, het die instrumente (CDOs en MBS) wat op hierdie eiendom geskoei was ook in waarde afgeneem. Daarmee saam is dié instrumente se waarde op 'n baie komplekse manier vasgestel, wat dit moeilik, en in sommige gevalle onmoontlik gemaak het om hulle waarde te bepaal. Die houers van hierdie instrumente (grootliks beleggingsbanke en verskansingsfondse) kon dus nie 'n mark vind vir hulle produkte nie, aangesien die prys daarvan nie bepaal kon word nie en hulle moes hierdie instrumente op hulle boeke dra. Namate die waarde van CDOs en MBS afgeneem het, het verskeie beleggingsmaatskappye in die moeilikheid beland.

Aangesien die meeste finansiële instellings egter teen 2008 CDOs en MBS op hulle boeke gehad het, of op die een of ander manier geld belê het in of geleen het aan beleggingsbanke en verskansingsfondse, het die finansiële sektor as 'n geheel inmekaargestort. Hoewel daar banke is wat nie direk deur die vermindering in CDOs en MBS se waarde geraak is nie, is al die banke indirek deur die krisis geraak. Die interbankstelsel in Amerika en Europa het tot stilstand ge-



kom, en banke het opgehou om geld uit te leen. Die rede hiervoor was dat geen bank geweet het hoeveel finansiële instrumente ander banke op hulle boeke gehad het waarvan die waarde onbepaalbaar was nie. Dus was niemand seker of hulle die geld wat hulle uitleen weer sou terugkry nie.

**Die interbankstelsel in Amerika en Europa het tot stilstand gekom, en banke het opgehou om geld uit te leen, aangesien niemand seker was of hulle die geld wat hulle uitleen weer sou terugkry nie.**

### **Die finansiële krisis spoel oor na die res van die ekonomie**

Hoewel die krisis die banksektor erg aangetas het, het die res van die ekonomie ook daaronder geleë. Banke het versuim om enige verdere lenings toe te staan, en omdat baie groot maatskappye voortdurend geld leen om hulle bedryfskoste te finansier, het besighedsaktiwiteite in die res van die ekonomie ook tot stilstand gekom.

Hierdie algemene likiditeitstekort in die mark het die regering van Amerika en Europa genoop om groot somme kontant in die ekonomie terug te ploeg ten einde weer hulle ekonomieë aan die gang te kry. Alhoewel die kontantinspuiting hierdie ekonomieë weer aan die gang gekry het, is daar wêreldwyd groot verliese gely. Omdat baie maatskappye bankrot verklaar is, en baie mense oor die wêreld heen hulle werk verloor het, het die vraag na produkte en dienste drasties verminder.

**Suid-Afrika het hierdie krisis grootliks vrygespring as gevolg van streng regulasie en valutabeheer.**

Suid-Afrika het hierdie krisis grootliks vrygespring as gevolg van die volgende

twee redes: streng regulasie en valuta-beheer. Omdat die Suid-Afrikaanse finansiële stelsel so streng gereguleer is, kon banke in Suid-Afrika nie dieselfde riskante lenings aangaan as hulle Amerikaanse en Europese eweknieë nie. Daarmee saam het ons streng valutabeheermaatreëls Suid-Afrikaanse beleggers verhoed om te veel blootstelling in Amerikaanse en Europese banke te kry.

### **Wat lê voor**

Met die wêreldvraag in duie en die wêreldresessie wat al hoe dieper raak, gaan dit nog 'n tydjie neem voordat die welvaartsvlak van voor die resessie weer bereik kan word. Die prosesse wat vir die roekelose verlening van geld verantwoordelik was, sal onherroeplik verander moet word om 'n soortgelyke krisis te voorkom. Dit beteken dat kredietverlening baie strammer gaan word en dat die onverskillige verbruik dalk effens kan afneem. Hoewel dit 'n stap in die regte rigting is, gaan dit ekonomiese groei ook oor die langer termyn negatief beïnvloed.

**Aangesien Suid-Afrika afhanklik is van die uitvoer van vervaardigde goedere en natuurlike hulpbronne sal ons dus ook deur die resessie moet worstel so lank as die wêreldvraag laag is en kredietverlening stram bly.**

Baie lande, veral die reuse ekonomie van Sjina, het vinnig gegroei as gevolg van die roekelose verbruikersbesteding van die ontwikkelde wêreld. Op sy beurt het Sjina weer 'n groot vraag na natuurlike hulpbronne gehad (veral olie en staal) wat dus weer ander ekonomieë (soos dié van Suid-Afrika) aan die gang gehou het. Met kredietverlening wat nou opgedroog het, en roekelose verbruikersbesteding wat aan bande gelê is, gaan dit vir ontwikkelende lande moeilik wees om weer hulle vorige vlakke van welvaart te bereik.

Suid-Afrika, 'n ontwikkelende land, sal dus ook negatief beïnvloed word deur die afname in die wêreldvraag. Aangesien Suid-Afrika steeds afhanklik is van die uitvoer van vervaardigde goedere en natuurlike hulpbronne soos staal, ferro-

chrom, platinum (om 'n paar te noem), gaan dit moeilik wees om weer ekonomiese groei aan die gang te kry. Ons sal dus ook deur die resessie worstel so lank as die wêreldvraag laag is en kredietverlening stram bly.

**Nicolson, Ronald. 2008. *The church and same-sex marriage*.**

Pietermaritzburg: Cluster Publications. 74 p. Prys: R50,00. ISBN: 978 1 875053 77 3.

**Resensent:** S.J. van der Merwe  
Fakulteit Teologie, Potchefstroomkampus,  
Noordwes-Universiteit

Hierdie boek is in die reeks *Signs of the times* wat in nie-akademiese styl die antwoord van die Christelike geloof op die huidige vraagstukke in die wêreld wil gee. Die outeur stel dit duidelik dat hy geen finale antwoord op hierdie problematiek wil gee nie, en ook nie kan gee nie. Sy doel is bloot om 'n boek daar te stel waarin die gewone leser 'n oorsig kan kry oor die problematiek en debat oor dieselfde-geslaghuwelike. Hy wil graag dat Christene na die lees van die boek sinvol aan die debat kan deelneem rondom homoseksualisme en of dieselfde-geslaghuwelike in die kerk bevestig kan word al dan nie. Die boek is gerig rondom die diskussie in die Anglikaanse kerk en raak ook ander kerke se standpunte aan.

Dit bly 'n vraag, ná die lees van die boek, of die outeur in sy doel geslaag het. Hy het wel daarin geslaag om die problematiek uit te lig en aan te toon dat dit nie so 'n eenvoudige saak is nie. Hy gaan nie akademies in diepte op die eksegetiese in nie, maar doen genoeg om vrae by die leser op te roep oor die leser se eie voorwetenskaplike verstaan van die tekste wat hieroor handel. Hy is eerlik oor sy eie standpunt, sonder om dit te forseer dat so 'n huwelik wel kerklik bevestig mag word. Die outeur verwys na sy eie pastorale ervaring met homoseksuele gelowiges wat in vaste verhoudings lewe en graag kerklik wil meelee. Wat aangenaam aandoen, is die wyse waarop hy alle moontlike standpunte verdiskonteer sonder om een bo die ander te verhef. Hy bespreek ook verskillende kerke se houdings oor etiese kwessies wat 'n moontlike oplossing kan bied vir hierdie saak waar daar so wesenlik verskil word. Hy bied die kompromis aan dat ons, alhoewel ons van mekaar verskil, mekaar in liefde kan verdra en ruimte moet laat vir elkeen om volgens sy gewete op te tree.

Nicolson vra die vraag of in die geval waar die standpunte so radikaal verskil, die etiese keuse van die minste kwaad nie dalk 'n oplossing kan wees nie. Sy argument is dat dit ten diepste gaan oor 'n verskil in eksegetiese, en dit dus eerder 'n teologiese as 'n etiese kwessie is. Dit skep vir hom die ruimte om albei standpunte te akkommodeer en dit aan die gewete van die priester of bedienaar oor te laat om so 'n huwelik wel te bevestig, in te seën of bloot net te verdra. Hy bespreek die probleme met hierdie moontlikhede en sluit af deur sterk te pleit dat ons in die beoordeling van hierdie saak, en veral die mense wat daarby betrokke is, dit in die liefde van Christus moet bejeën en hulle moet laat tuis voel in die gemeenskap van die gelowiges.

Ek kan hierdie boek aanbeveel. Dit is stimulerend geskryf en is die soeke na 'n oplossing vir 'n wesenlike vraagstuk sonder om enigsins voorskriftelik te raak.

## **Bewustheid: in die belang van die mens, die planeet en die geslag van môre**

Elise Tempelhoff  
Omgewingsjoernalis, *Beeld*

In die tyd waarin ons tans leef, gaan omgewingsjoernalistiek oor meer as net sogenaamde “groen” sake. Beriggewing deur die mees gerespekteerde joernaliste is toenemend besig om ’n meer holistiese karakter aan te neem. Die doelwit is om mense meer bewus te probeer maak van die gevolge wat hulle verbruikerspatrone op die planeet het.

**Die doelwit van omgewingsjoernalistiek is om mense meer bewus te probeer maak van die gevolge wat hulle verbruikerspatrone op die planeet het. Dit is die gewete van die huidige geslag. Dit herinner mense dat hulle net die aarde van die kinders leen.**

“People, planet en prosperity” was die slagspreuk van die Wêreldberaad vir Volhoubare Ontwikkeling wat in 2002 in Johannesburg gehou is. Henning Viljoen, bedryfskonsultant en omgewingskundige, het onlangs in *Sake24* (10 Maart 2009) verduidelik: “’n Mens sou ’n vierde P hierby kon voeg, naamlik posterity” – met ander woorde: nalatenskap.

Tans kan omgewingsjoernalistiek beskou word as die gewete van die huidige geslag. Dit herinner mense dat hulle (om ’n cliché te gebruik) net die aarde van die kinders leen.

In sy berig verklaar Viljoen: “Daar is ’n paar mylpale in die ‘evolusie’ van omgewingsbewustheid – van bewaring na volhoubare ontwikkeling.” Op die vraag na hoe Suid-Afrika met volhoubare ontwikkeling gevaar het, reken hy dat dit bra swak is.

Omgewingsbewustheid in Suid-Afrika het eers in die laat-negentigerjare behoorlik posgevat. Dit het veroorsaak dat groot uitdagings aan vandag se leiers gestel word. Viljoen meen Suid-Afrika se ernstige agterstand ten opsigte van volhoubare en optimale hulpbronbenutting is grootliks te wyte aan ’n ander politieke evolusie – van apartheidsregering na vryheidsbeweging en vandaar na ’n nuwe demokratiese regering. “Die ou regering het nie goed gevaar met die daarstel van volhoubaarheidsplanne oor hulpbronbenutting nie”, reken hy en wys daarop dat daar sprake van ’n oorontginning van minerale was. Hiervan is die goudmynbedryf aan die Witwatersrand maar een voorbeeld.

Die nalatenskap van die goudmynbedryf, is vandag te sien in suur mynwater wat uit die dolomiet aan die Witwatersrand loop. Dit hou groot gevaar in vir natuurlike skoon varswatervoorraad in Gauteng, die digstbevolkte deel van Suid-Afrika.

Ons steun nog steeds swaar op fossielbrandstowwe (steenkool). Die ou regering het steenkoolmyne in Mpumalanga se waterryke gebiede begin. Die ironie is dat die ANC-regering lustig voortgaan op hierdie plundertog. Kyk maar wat het met die Olifantsrivier in Mpumalanga gebeur – daar is feitlik geen lewe meer oor in hierdie eens magtige rivier nie.

Dit is die omgewingsjoernalis se onbenydenswaardige taak om tragiese omgewingsverhale soos hierdie te vertel. Met die bewusmaking, wat hopelik uit berigging voortvloei, sal besluitnemers twee keer dink voordat hulle foute van die verlede herhaal.

Dit is egter jammer dat so min van hulle wel na omgewingsjoernaliste luister. Dit is dus juis op hierdie punt waar die gemeenskap se bewuswording belangrik is. Die uiteindelijke doel van omgewingsjoernalistiek is dikwels bewaring, maar dit gaan veral oor die bemagtiging van lesers – bemagtiging met kennis en inligting.

**Omgewingsjoernalistiek het ten doel om sy lesers te motiveer oor 'n etiese leefwyse, volhoubare ontwikkeling en die oordeelkundige benutting van hulpbronne en die bewaring van die planet vir die nageslag.**

Verskeie nuwe omgewingsorganisasies het die laaste tien jaar in Suid-Afrika die lig gesien, byvoorbeeld die Federasie vir 'n Volhoubare Omgewing, Timber Watch, Save the Vaal en groundWork (stet). In baie opsigte werk hierdie organisasies nou saam met omgewingsjoernaliste. Resultate is dikwels dadelik te bemark, of dit loop uit op 'n lang woordstryd tussen besorgde mense en omgewingsbooswigte.

Omgewingsjoernaliste moet baie lees. Die werk wat hulle aanpak, is meestal omstrede en verg baie insig en oordeelsvermoë. Daar word gepoog om gebalanseerd te berig oor besoedeling (lug, water en grond), omgewingsplundering (soos ongebreidelde mynbou, renoster- en olifantstropery), korrupsie (omkoperie wat dikwels met ontwikkeling gepaard gaan), diefstal (van hulpbronne) en selfverryking. Hierdie is die soort nuus wat teenstrydig is met die belange rondom die winsmotief wat deur industrialiste en sakelui vertroetel

word. Om hierdie rede word joernaliste dikwels gedreig met waarskuwings van werksgeleenthede wat verlore sal gaan indien 'n bedryf van werkswyse moet verander of moet sluit.

Die omgewingsjoernalis skryf eintlik die joernaal van beleidmakers se beloftes en voornemens. Sodra dit opgeskryf is, kan jy hulle altyd weer daaraan herinner.

Omgewingsjoernalistiek het ten doel om sy lesers te motiveer oor 'n etiese leefwyse, volhoubare ontwikkeling en die oordeelkundige benutting van hulpbronne. Holisties beskou is die bewaring van die planeet vir die nageslag, waarskynlik die belangrikste.

Prof. Bill McGuire, direkteur van die Aon Benfield Hazard-navorsingsentrum, skryf in die boek, *Seven years to save the planet* (2008), dat ons by die draaipunt van die mens se geskiedenis leef. Hy vra in die voorwoord van die boek wat oor klimaatsverandering handel, "Waar is ons nou?" en kom tot die gevolgtrekking dat ons in werklikheid verby die draaipunt is.

Die klimaat is besig om vinniger as ooit te verander. Dit dra by tot ongekende spesieuitwissing, wat opsigself ingrypende veranderinge vir die mens se voortbestaan inhou. By dié draaipunt vind veranderinge so vinnig plaas dat dit vir die gewone mens moeilik is om by te hou. En dit gebeur op alle vlakke: die omgewing, die ekonomie en menslike gesondheid. Dit is die omgewingsjoernalis se taak om hierdie veranderinge waar te neem, inligting te versamel en kundiges se hulp in te roep om dit wat ons beleef, te interpreteer. Dit is 'n groot uitdaging.

**Dit is die omgewingsjoernalis se taak om hierdie veranderinge in die wêreld waar te neem, inligting te versamel en kundiges se hulp in te roep om dit wat ons beleef, te interpreteer.**

In Suid-Afrika is daar, in teenstelling met ander lande in die res van die wêreld, net 'n handjievol omgewingsjoernaliste.

Die ontwikkeling van omgewingsjoernalistiek as 'n beroep loop parallel met die moderne omgewingsbewegingbewustheid wat in die sestigerjare van die twintigste eeu in die Verenigde State van Amerika en later in Wes-Europa posgevat het ná die publikasie van Rachel Carson se publikasie, *Silent spring* (1963). Hierdie opspraakwekkende boek handel oor die vernietigende uitwerking van die insekdoder DDT op die omgewing.

Toe Carson, 'n wetenskaplike en vernuftige joernalis, *Silent spring* geskryf het, was sy bewus van die gevolge wat die boek sou hê. Groot industrieë en selfs die Amerikaanse regering het haar boodskap as ongegrond afgemaak. Baie verantwoordelike mense het alles in hulle vermoë gedoen om haar in onguns te bring – iets wat vandag dikwels met omgewingsjoernaliste gebeur. Dit is niks vreemd vir die omgewingsjoernalis om gediskrediteer te word nie. Hulle word met hofsake gedreig en daarvan beskuldig dat hulle boodskap sensasioneel is “net om koerante te verkoop”.

Is dit werklik net 'n kwessie van sensasie as diere tweeslagtig raak omdat mensgemaakte chemikalieë hulle hormone aanval, of as krokodille op strepe in die Krugerwildtuin vrek, of selfs as 'n gebied radioaktief is weens die storting van swaar metale? Hoe raak dit ons as mense?

Kort voor Carson se dood in 1964 (aan borskanker) het sy tydens 'n televisie-onderhoud die volgende gesê:

Die mens se houding teenoor die natuur is vandag van kritiese belang, dooereenvoudig omdat ons nou die middele en dodelike mag gekry het om die omgewing te verander én te vernietig. Maar die mens is deel van die natuur en sy stryd teen die omgewing, is uiteindelik 'n stryd teen homself. Ons as die mensdom het nog nooit tevore so 'n groot uitdaging gehad as om volwasseheid en mag te wys nie, nie teenoor die natuur nie, maar teenoor onself.

**Tien jaar na die verskyning van Carson se *Silent spring* het die Amerikaanse regering die gebruik van DDT verbied.**

Vandag word *Silent spring* hoog aangeslaan. Miskien is dit omdat die Amerikaanse regering tien jaar nadat die boek verskyn het, die gebruik van DDT verbied het. Carson se boek kan beskou word as die eerste stap in die mens se bewuswording van die invloed wat hy op die natuur uitoefen.

In baie opsigte is omgewingsjoernalistiek vandag geskoei op die doelwit van bewusmaking in die belang van die mensheid en die planeet.

**WOORD & DAAD** op die internet! /  
**WORD & ACTION** on the internet!

[http://www.journals.co.za/ej/ejour\\_woord.html](http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html)

UserID en wagwoord kan aangevra word by:

Erika.Otto@nwu.ac.za

# Fisieke aktiwiteit, gesondheid en welstand – is 'n paradigmaskuif nodig?

G.L. Strydom

Skool vir Biokenetika, Rekreasie en Sportwetenskap,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

## Inleiding

**D**ie salutogeniese (gesondmakende) effek van fisieke aktiwiteit kan so ver teruggevoer word as die negende eeu v.C. toe oefening en massering vir die behandeling van rumatiek voorgeskryf is. Die gebrek aan terapeutiese modaliteite en medisyne in daardie tyd asook persoonlike waarnemings het waarskynlik bygedra tot die aanbeveling van die geneeshere dat pasiënte meer aan fisieke aktiwiteite moet deelneem. Herodicus (vyfde eeu v.C.) baseer sy terapie hoofsaaklik op inspannende oefening. Herophilus (vierde eeu v.C.) beveel “matige” oefeninge vir sy pasiënte aan, terwyl Asclepiades (eerste eeu v.C.) “hardloop” en “stap” voorskryf. Later jare beweer Petrarca dat die pasiënt eerder aan oefening moet deelneem “because medicine can poison the body”.

**Die gesondmakende effek van fisieke aktiwiteit kan teruggevoer word tot die negende eeu v.C. toe oefening en massering vir die behandeling van rumatiek voorgeskryf is.**

Hoewel die standpunt van Patrarca selfs in die moderne tyd waarheid kan inhou – was die medikasie van destyds vir enige pasiënt 'n riller. In die Papyrus Ebers – 'n gesaghebbende mediese publikasie van destyds, word die volgende “medikasie voorskrifte” onder andere aangebied. “Vir hare wat uitval gebruik 'n mengsel van vette van 'n perd, seekoei, krokodil, kat,

slang en steenbok. Om dit meer kragtig te maak voeg by 'n fynge maalde tand van 'n donkie gemeng met heuning.” Ander medikasies sluit bloed van akkedisse, varktande, verrotte vleis, vog uit varkore en nog vele ander in. Dit is voorwaar geen wonder dat pasiënte nie hierdie tipe terapie maklik oorleef het nie.

## Die liggaamlikheid van die mens

In die konteks rondom die mens as liggaamlike wese het velerlei argumente en kritiek alreeds ontstaan – veral gerig rondom die belangrikheid van oefening en die instandhouding van liggaamlike gesondheid. Een rede hiervoor mag ten diepste lê in die inherente luiheid van die mens. Gemaksugtigheid het die oorhand in die moderne lewe begin kry en het die norm van die sogenaamde “goeie lewe” geword. Meganisasie het alreeds die plek van handarbeid in byna elke sfeer van die mense se lewe vervang. Wanneer daar dan iets aan die liggaam verkeerd gaan, moet 'n pil (medisyne) dit weer regmaak. Die moderne mens het dikwels in 'n “pilsluitende” wese ontaard – 'n pil om maer te word en 'n pil om vet te word; 'n pil om te keer dat alkoholvergryp 'n “hangover” veroorsaak, en 'n pil om die hoofpyn weg te neem; 'n pil om te keer dat babas gebore word en 'n pil om te help dat babas aankom. Die gewilde spottende argument wat fisiek onaktiewe persone dikwels gebruik, is “as ek voel om te oefen, neem ek maar 'n pil en gaan lê 'n rukkie totdat die gevoel oorgaan” – nog 'n funksie waaraan 'n pil moet voldoen.

Verskeie ander argumente het oor die afgelope aantal jare oor die noodsaaklikheid van oefening die lig gesien. 'n Baie “gewilde” argument wat graag aangehaal word, is Paulus (1 Tim. 4:8a) wat sê “Om

jou liggaam te oefen het wel 'n bietjie waarde ...". Dit is interessant dat hierdie tipe teenargumente nie deur dieselfde persone aangehaal word indien daar een of ander terapeutiese behandeling nodig word nie. Die trauma en kostes van byvoorbeeld 'n hartvatomleidingsoperasie is klaarblyklik vir sommige mense meer aanvaarbaar as om die koronêre risiko's (wat voorkombaar is) soos fisieke onaktiwiteit, rook, hipertensie, hoë bloedlipides en obesiteit (die sogenoemde primêre koronêre risiko's) te bekamp/beheer. Mense is dikwels geneig om maar in die destruktiewe leefstyl te volhard totdat die patologie toeslaan en dan alle verantwoordelikheid op die skouers van die gesondheidspersoneel (dokters, verpleegsters, fisioterapeute, biokinetic, ens.) af te skuif vir herstel.

**Mense is dikwels geneig om in 'n destruktiewe leefstyl te volhard totdat die patologie toeslaan. Dan word alle verantwoordelikheid vir herstel vinnig op die gesondheidspersoneel afgeskuif.**

In hierdie artikel gaan gepoog word om die noodsaaklikheid aan te dui dat, ter wille van goeie gesondheid en welstand, die mens vandag 'n paradigmaskuif sal moet maak en besef dat hy/sy die belangrikste vennoot in die instandhouding van sy/haar eie welstand is. Die aanvaarding van selfverantwoordelikheid vir 'n gesonde leefstyl is die primêre verantwoordelikheid van die individu. In hierdie verband het dr. Bill Hettler van Steven's Point (VSA) die volgende opmerking gemaak "Wat my frustreer in die mediese beroep is dat pasiënte te veel van my as die geneesheer verwag en te min van hulleself."

Vervolgens is dit nodig om kortliks na die begrippe van gesondheid en welstand te kyk asook hoedat fisieke aktiwiteit hierin 'n rol kan speel.


### Die siekte/welstandkontinuum

Vir die man op straat is die begrip *gesondheid* dikwels gelyk aan die "afwesigheid van siektes". In 1947 het die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) alreeds die begrip *gesondheid* in 'n wyer konteks gedefinieer, naamlik "Gesondheid is 'n toestand van algehele fisieke, psigologiese en sosiale welstand en nie slegs die afwesigheid van siektes nie". Dr. Halbert Dunn wat in die vyftigergerjare die eerste persoon was wat na die verskil tussen gesondheid en welstand begin verwys het, beweer dat gesondheid 'n relatief meer passiewe staat veronderstel, terwyl welstand 'n dinamiese proses van verandering aantoon. 'n Algemeen aanvaarde definisie van die begrip *welstand* is dat dit 'n "integrale en dinamiese vlak van funksionering veronderstel wat gerig is op die maksimalisering van potensiaal en afhanklik is van selfverantwoordelikheid van die individu". Welstand impliseer dus 'n verandering van *denkwyse* en *houding* wat gerig is op volgehoue (lewenslange) ontwikkeling van die onderskeie welstandsdimensies (fisieke, emosionele, geestelike, sosiale, beroeps, intellektuele en omgewing) wat as harmonieuse eenheid die mens se lewe/gesondheid kan beïnvloed.

**Gesondheid is 'n toestand van algehele fisieke, psigologiese en sosiale welstand en nie slegs die afwesigheid van siektes nie.**

In Figuur 1 word die siekte-/welstandkontinuum grafies voorgestel. Die neutrale punt dui 'n toestand aan waar daar geen waarneembare siektetoestand aanwesig is nie – 'n mens kan dus ook hierna as 'n "siektevrye" toestand verwys. Aan die linkerkant van die kontinuum kan tekens, simptome, siekte en selfs sterfte (wat prematuur mag wees) voorkom. Dit is die kuratiewe/behandelingsterrein. Wanneer tekens, simptome en siekte ervaar word, is die mens gewoonlik baie gou om kliniese behandeling op te soek. Belangrike afsprake/aktiwiteite word summier gekanselleer om die dokter te gaan sien.

**Figuur 1: Siekte-/Welstandkontinuum (Robbins et al., 1991)**



Die doel is om maar weer na die neutrale punt terug te keer waar die individu simptome- of tekenvry van die siekte kan wees. Die ironie is egter dat die meeste mense dan oortuig is dat hulle “gesond” is, terwyl in talle van die chroniese siekte-toestande dikwels net die simptome behandel is. Vanaf die neutrale punt na die regterkant van die kontinuum is die terrein van selfverantwoordelikheid van die individu.

soos byvoorbeeld om meer fisiek aktief te raak, rook te staak, korrekte eetgewoontes aan te leer, liggaamsmassa te beheer asook van oormatige spanning ontslae te raak/te beheer.

Die onwilligheid/onvermoë van pasiënte om enige mate van selfverantwoordelikheid te aanvaar word in die volgende ekstreme, dog werklike, gevallestudies weerspieël.

**Dit verg dikwels volgehoue selfverantwoordelikheid van die individu om gesonde leefstylveranderings te maak soos om meer fisiek aktief te raak, rook te staak, korrekte eetgewoontes aan te leer, liggaamsmassa te beheer asook van oormatige spanning ontslae te raak/te beheer.**

Navorsers is dit eens dat die mees effektiewe beheer van talle van die chroniese of leefstilsiektes op hierdie terrein kan geskied. Dit verg dikwels volgehoue selfverantwoordelikheid van die individu om gesonde leefstylveranderings te maak

- 'n Sewentigjarige man met ernstige tipe 2 diabetes ondergaan 'n amputasie van sy been en die chirurg dring ernstig aan dat hy sy strawwe rokery moet staak. Die pasiënt hou egter aan met sy rokery met 'n gevolglike verdere amputasie, sepsisemie en later die dood.
- 'n Pasiënt met ernstige emfiseem as gevolg van strawwe rook word gehospitaliseer en ontvang deurlopend suurstof. Hy koop verpleegpersoneel om om vir hom 'n sigaret te gee (teen die geneesheer se bevel). Na 'n paar teue aan die sigaret moet hy telkens, hygend na asem, meer suurstof ontvang.
- 'n Pasiënt met ernstige tipe 2 diabetes word gehospitaliseer en ontvang diabetesiese kos ten einde sy medikasiedosis te bepaal. Hy versoek sy besoekers om vir hom lekkergoed te



bring, onder andere sjokolade wat hy skelm eet. Nodeloos om te sê dat die geneesheer nie die “onverwagte” hoë bloedglukosevlakke kan verklaar wanneer hulle van hom ’n bloedmonster neem nie. Ten spyte van sy medikasie en gekontroleerde en korrekte voedsel-inname vir diabetese is sy bloed-suikervlakke kommerwekkend hoog.

In al bogenoemde gevalle verwag die pasiënt van die geneesheer om suksesvolle behandeling toe te pas, dog is geensins bereid om ook selfverantwoordelikheid te aanvaar nie.

### **Hipokinetiese siektes – die epidemie van die moderne lewe**

Hipokinese, of te wel ’n gebrek aan voldoende beweging, het in groot dele van die wêreld kommerwekkende afmetings aangeneem. Navorsers het reeds aan die toestand ’n aantal siektetoestande en/of afwykings toegedig wat primêr hieruit ontwikkel het. Die volgende toestande kan onder andere aan hipokinese toegeskryf word, naamlik sekere vorms van hartsiektes (bv. iskemiese hartsiekte), sekere tipes hipertensie, degenerasie van die bloedvate (aterosklerose), oormassa, sekere afwykings in die liggaamshouding en skade aan die spiere, ligamente, bene en rugwerwelkolom, premature funksionele onvermoë, ensovoorts.

In die behandeling van sulke toestande vorm fisieke aktiwiteite ’n belangrike terapeutiese modaliteit. Dit is noodsaaklik dat die regte “dosis” oefening vir die pasiënt voorgeskryf moet word met inagneming van talle faktore ten opsigte van die pasiënt se toestand asook moontlike absolute en relatiewe kontra-indikasies wat mag voorkom.

Die gebrek aan voldoende oefening/fisieke aktiwiteitsdeelname is volgens McGinnis die vernaamste oorsaak vir kroniese siektes. Hy laat hom as volg hieroor uit:

There are more people at risk because of physical inactivity than any other single risk factor for chronic disease. Thus physical activity may provide the shortcut we in public health care have been seeking for the control of chronic

diseases, much like immunisation has facilitated programs against infectious diseases.

**Die gebrek aan voldoende oefening/fisieke aktiwiteitsdeelname is die vernaamste oorsaak vir kroniese siektes.**

Navorsing toon aan dat die stelling van McGinnis ook waar is van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en wel dat die voorkoms van fisieke onaktiwiteit tussen die ouderdom 35-64 jaar by mans en dames by verskillende etniese groepe tussen 30-96% wissel. Die Indiër, kleurling, blanke en swart bevolkingsgroepe (mans en dames) toon in dalende orde – die voorkoms van hipokinese.

### **Fisieke aktiwiteit as “buffer-meganisme” teen destruktiewe leefstyl/risiko’s**

Epidemiologiese navorsing dui aan dat ongeveer 64% van alle sterftes in die VSA deur kardiovaskulêre siektes en kanker veroorsaak word. Byna 80% van hierdie sterftes kan voorkom word deur basiese gesonde leefstylkeuses te maak, soos byvoorbeeld ’n laer inname van vette in die dieet, gereelde oefening en rookstaking. Veranderings in leefstyl is uitsluitlik in die individu se hande. Deur bogenoemde basiese gebruike toe te pas, kan betekenisvolle verandering teweeg gebring word. Die uitspraak van Joseph A. Califano, voormalige VSA-sekretaris van Gesondheid, Opvoeding en Welsyn, onderstreep bogenoemde wanneer hy die volgende beweer: “You, the individual, can do more for your health and wellness than any doctor, any hospital, any drug or any exotic medical device.”

Die interessantheid ten opsigte van fisieke aktiwiteit is dat selfs net “matige” aktiwiteit betekenisvolle gesondheidsvoordele kan bewerkstellig. Meer nog dit kan “beskerming” verleen selfs in die aanwesigheid van bestaande risikofaktore.

In die studie van Barlow en medewerkers het hulle aangetoon dat persone wat aan hipertensie en hipercholesterolemie ly of wat rook 'n laer sterftesyfer toon indien hulle matig of hoog aktief is – selfs al sou hulle steeds hipertensie/hipercholesterolemie toon of steeds bly rook. Die grootste invloed het voorgekom by persone wat net vanaf 'n onaktiewe na 'n matige aktiewe leefstyl verander. Van 'n matige na 'n hoog aktiewe leefstyl is daar slegs 'n geringe verbetering in mortaliteit – behalwe in die geval van persone wat hipercholesterolemies was. In daardie geval het 'n betekenisvolle verbetering ook voorgekom vanaf matig na hoog aktiewe persone.

Hierdie “beskermende” tendens van fisieke aktiwiteit is reeds in die vyftigerjare deur Hans Selye se klassieke eksperimente met rotte aangetoon. Nadat die rotte aan 'n oefeningsprogram blootgestel is wat hulle fisiek gekondisioneer het, het skadelike stressors soos geluide, elektriese prikkels en flikkerende ligte die rotte nie betekenisvol geaffekteer nie. Die stressors het egter veroorsaak dat die ongekondisioneerde rotte almal doodgegaan het. Bogenoemde resultate laat 'n mens telkens oorweldig oor die ongelooflike kondisioneringsvermoë wat die liggaam kan ondergaan wanneer dit stelselmatig aan fisieke inspanning onderwerp word.

### Ten slotte

Uit die bespreking is dit duidelik dat elke individu 'n ongelooflik belangrike keuse het ten opsigte van sy/haar eie gesondheid en welstand. Deur die implementering van 'n gesonde leefstyl – waarvan groter deelname aan fisieke aktiwiteit een van die belangrikste oorwegings is – kan elk-

een bydra tot sy/haar verbeterde welstand. Sommige navorsers dui ook aan dat fisieke aktiwiteitsdeelname nie net die fisieke dimensie beïnvloed nie, maar ook as “snellermeganisme” dien om die ander dimensies te beïnvloed. In die lig van resultate wat aandui dat die wêreldbevolking tans ouer word as 'n paar dekades gelede is die instandhouding van goeie gesondheid en welstand – en gevolglik dus 'n langer tyd van onafhanklikheid – van kritieke belang.

Dit is uit die bespreking duidelik dat die moderne mens 'n paradigmaskuif sal moet maak en self verantwoordelikheid vir sy/haar gesondheid moet aanvaar. Dit sal nie net vir die individu 'n beter lewenskwaliteit verseker nie, maar kan ook die uitgawe aan gesondheidsorgkoste beperk. Voorwaar 'n keuse wat baie voordele kan inhou, dog 'n keuse waartoe die mens homself dikwels moeilik motiveer om te neem. Navorsing toon ook aan dat 'n mens nooit “te oud” is om voordele uit gesonde leefstylkeuses te put nie. Dit bly dus altyd 'n baie goeie belegging en dit is ook nooit te laat om te begin nie.

**In die lig daarvan dat die wêreldbevolking tans ouer word as 'n paar dekades gelede, is die instandhouding van goeie gesondheid en welstand – en gevolglik dus 'n langer tyd van onafhanklikheid – van kritieke belang.**

## Die implikasie van die GKSA se 2009-sinodebesluit rakende die vrou in die regeeramp

A.L. Rheeder  
Gereformeerde Kerk Randfontein

**W**at moet jou besluit lei wanneer daar 'n verskil van standpunt is oor die beginsel van 'n saak? Die een groep maak byvoorbeeld 'n saak daarvoor uit dat vroue nie tot die regeeramp toegelaat mag word nie, terwyl die ander groep meen dit moet. Moet daar nie ook gekyk word na die *gevolge* van 'n besluit nie? Moet die volgende vrae nie ook gevra word nie: Wat doen dié besluit aan 'n ander mens? Wat impliseer jou besluit oor die ander mens? Wat is die implikasie van jou besluit, of is dit net 'n kwessie van *fiat iustitia, pereat mundus* – laat geregtigheid geskied, ook al gaan die wêreld onder? Myns insiens het die besluit van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika oor die vrou in die regeeramp talle hartseer gevolge.

**Wat lei 'n mens in jou besluitneming wanneer daar 'n standpuntverskil is oor 'n beginselsaak?**

Die eerste gevolg van die besluit is *pyn*. Tydens en na die besluit van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika oor die vrou in die regeeramp het ek buitengewoon baie aan my eie roeping en amp as predikant gedink. So ver ek kan onthou wou ek altyd predikant word. Ek kon die gevoel aanvanklik nooit verklaar nie. Dit was iets so diep binne my, iets wat ek as kind en tiener nooit werklik in woorde kon beskryf nie. 'n Gevoel, 'n warmte, 'n branding, 'n roeping. Predikant wou ek word ten spyte van my moeder se aanmoediging om eerder 'n regsberoep te

oorweeg. Onverklaarbaar wou ek predikant word. Elke predikant het sy eie verhaal. Sommige predikante, soos ek, voel van kleins af die roeping; ander weer het hulle bestaande beroepe gelos om predikant te word. Sou dit sekulêr klink as ek hierdie roeping ook as 'n ideaal en droom beskryf. Vir my was daar geen ander moontlikheid nie. Wat kon my keer om predikant te word?

Ten spyte van die feit dat ons nogal arm was – my pa het by die poskantoor gewerk – sou niks my keer nie. Hierdie strewe om predikant te word was so vanselfsprekend en sterk dat dit my lewe geword het. “En wanneer ek dink ek sal my aan Hom nie steur nie en nie meer in sy Naam praat nie, dan word dit in my soos 'n vuur wat brand en waarvan ek nie kan loskom nie”, skryf die profeet Jeremia. Daarom dat ek só kon verstaan toe 'n ouma, onlangs by 'n kerklike funksie in Polokwane, vir my vertel dat haar kleindogter die roeping het om predikant te word. Ek ken die dogter. Baie intelligent. Jammer om te sê my kind, maar in jou kerk mag dit nie gebeur nie. Jy is 'n vrou, geslagtelik gestrem vir hierdie werk. Ek probeer my indink hoe dit sou voel as iemand vir my sou sê dat op grond van my kleur of geslag mag ek dit nie doen nie! Ek dink dit sou die einde van die lewe vir my beteken het. En daar in die sinode besluit ons broeders, julle vroue mag nie predikante word nie. 'n Voorreg wat ons onself gegun het, iets wat ons ons seuns gegun het. 'n Seun mag byna op 'n patriargale wyse in die voetspore van sy vader stap. Wat het geword van die liefde van Christus deur aan 'n ander te gun, wat jy wil hê hulle jou moet gun. Of geld dit net vir mans?

**Die 2009-sinodebesluit oor die vrou in die regeeramp veroorsaak pyn en tas die GKSA se geloofwaardigheid aan.**

Die tweede gevolg van die sinodebesluit handel oor *geloofwaardigheid*. Die vraag is of hierdie sinodebesluit van die GKSA nie haar geloofwaardigheid aangetas het nie? Leer die Woord nie dat ons die lig in die wêreld moet wees nie? Watter lamp het ons met die sinodebesluit aangesteek? Die sinodebesluit het immers die stelling “dat geslag nie bepalend by enige van die dienste is nie” kategoriees verwerp en daarom indirek besluit geslag is wél bepalend in die denke van die kerk. Hoe ons ook al hierdie sinodebesluit probeer verduidelik, dit impliseer dat man en vrou nie as gelykes gesien word nie. Hoe ons as kerk ook al hierdie besluit sou verdedig, bly dit nog steeds mans wat besluit het dat vroue nie in die regeeramp mag dien nie. Net soos wit broeders op 'n stadium besluit het swart broeders mag nie deel van die proses wees nie.

In die lig van bogenoemde beredenering, het die sinodebesluit die volgende implikasies:

- *Eerstens*, ons lewe in 'n land met 'n baie hoë geweldsyfer teen vroue en kinders. Tussen 'n kwart en 'n derde van Suid-Afrikaanse mans het erken dat hulle al hulle vrou of vriendin geslaan het. Wanneer jy as man vir 'n dogter wat die roeping ervaar, sê dat sy nie predikant mag wees nie, is dit nie ook 'n vorm van geweld nie? Geïnstusionaliseerde geweld; psigiese en emosionele geweld. Dit gaan nie oor vermoë, luiheid of roeping nie, maar oor geslag. “Elke keer as ek my mond oopmaak, moet ek skree, moet ek roep: ‘Daar is geweld, daar is verdrukking!’ preek die profeet Jeremia. So 'n besluit kan in die woorde van Jeremia die brand in die lewe van 'n geroepene omskep in 'n vuur wat die lewe kan uitbrand.

- *Tweedens*, op watter morele gronde kan die kerk haar nou uitspreek teen diskriminerende praktyke in die samelewing? Hoe kan die kerk haar nou uitspreek teen ongelyke behandeling van mense in die werksplek, in die huis, in die politiek en die sport? So 'n uitspraak sal nie geloofwaardigheid hê nie, want die onmiddellike reaksie van mense sal wees dat daar nie vir hulle gepreek kan word terwyl die kerk self mense ongelyk behandel nie. Waarom mag geslag in julle denke en daede so 'n sterk rol speel, terwyl ek daarvan beskuldig word. Kry eers julle eie huis in orde.

- *Derdens* is iemand soos prof. Rachel Jewkes, direkteur van die Mediese Navorsingsraad (MNR) se geslags- en gesondheidsnavorsingsgroep, oortuig dat een van die belangrikste redes vir die hoë voorkoms van geweld teen vroue in Suid-Afrika, 'n patriargale opvatting oor manlikheid is. In patriargale denke word man en vrou as ongelykes gesien. Dit beteken dat die man as sterk, taai, dominant en as baas oor vroue gesien word. Volgens die sinodebesluit word man en vrou nie as gelykes gesien nie. Ek weet in my hart dit word nie so deur die kerk bedoel nie, maar dra hierdie sinodebesluit nie by tot geweld teen vroue nie? Waarskynlik nie direk nie, maar wel indirek. Gaan hierdie besluit nie sekere onaanvaarbare gedrag van sommige mans onbewustelik in stand hou nie?

**Prof. Rachel Jewkes is oortuig dat een van die belangrikste redes vir die hoë voorkoms van geweld teen vroue in Suid-Afrika, 'n patriargale opvatting oor manlikheid is. In patriargale denke word man en vrou as ongelykes gesien.**

Binne die konteks van twee standpunte oor die vrou in die regeeramp, binne die konteks van 'n ander mens (lees vrou) wat die roeping het om predikant te word, en

binne die konteks van ons roeping as kerk binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap, bly ek by die verskoning wat ek my vrou en dogter gevra het. Ek is diep oortuig dat hierdie besluit vir gister, vir nou en vir môre nie die regte besluit was nie. Daar is

nie 'n ander tyd vir die waarheid as juis nou nie. "This history of men's opposition to woman's emancipation is more interesting perhaps than the story of that emancipation itself." (Virginia Woolf.)

**Symington, Johann, Van Schalkwyk, Johan, Jones, Chris & Vos, Barend. 2008.**  
**Man met integriteit: Bybeldagboek vir mans.** Wellington: Lux Verbi.BM.  
Prys: R109,95. ISBN: 978 07963 0751 4.

**Resensent:** *C.G. du Toit*  
Skool vir Meganiese Ingenieurswese,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Wanneer 'n Bybeldagboek soos hierdie deur vier verskillende skrywers geskryf word, kan dit maklik gebeur dat die boek nie 'n samehangende geheel vorm nie. Dit beteken ook dat die leser aan verskillende perspektiewe blootgestel word, omdat elke skrywer sy eie benadering volg. Dit lei daartoe dat indien daar herhaling voorkom, die boodskap elke keer vanuit 'n ander hoek bekyk word met nuwe insigte.

Johann Symington beskou die man as instrument in die hand van God. Vanuit hierdie hoek beskou hy die verhouding tussen God en die gelowige en die gelowige en sy medemens. As verteenwoordiger van God moet alle fasette van ons lewe daarvan getuig.

Johan van Schalkwyk weer, neem ons op 'n reis van Abram tot Openbaring sodat ons daaruit kan put vir ons pad deur die lewe. Deur grepe uit die geskiedenis en lewens van mense te neem, hanteer hy alle fasette van menswees. God se hartseer en toorn oor die afdwaling en sonde van Israel, maar ook sy innige liefde vir sy volk laat die vraag ontstaan hoe ons voel oor die ongeregtigheid en sonde van vandag. Tot watter mate is ons oog nog op God gerig en dra ons die boodskap van verlossing uit? Tot watter mate is die gesindheid van Christus waarneembaar in ons lewens?

Chris Jones spits hom toe op die aard van ons verhouding met God en hoe dit neerslag vind in ons lewens. In hoe 'n mate leef ons in afhanklikheid van God? Is die liefde van God sigbaar in ons lewens en bring dit hoop vir ander? Lei dit hulle tot geloof in God? Getuig ons lewens van die karakter en grootheid van God en dat Hy in beheer is?

Barend Vos neem ons aan die hand om na die menswees van 'n klompie Bybelfigure te kyk. Daarin sien ons hoedat mense die een oomblik sterk in die geloof kan staan om die volgende oomblik weer te struikel soos Dawid. Ander stort weer hulle harte voor God uit soos Hanna. Sommige weer vra vir tekens soos Gideon en Sagaria, terwyl ander God op sy woord neem soos Elisabet en Maria. In die lewens van hierdie mense kan ons onself sien en die vraag vra hoe dit met ons staan. Hierdie dagboek put sy inspirasie uit die Bybel en vorm 'n samehangende geheel – dit bied pitkos vir die pad.